

Die versekerde se openbaringsplig rakende die risiko by uitvoerkontrakte

JB Heyns

 **orcid.org/0000-0002-8687-5304**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad
Magister Legum in *In- en Uitvoerreg* aan die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Prof AL Stander

Gradeplegtigheid Mei 2018

Studentenommer: 22778853

Inhoudsopgawe

Abstract.....	iv
Abstrak.....	viii
Lys van afkortings.....	xi
Lys van sleutelwoorde	xii
1 Inleiding.....	1
2 Die regsposisie in Suid-Afrika.....	5
<i>2.1 Die risikovereiste.....</i>	<i>5</i>
<i>2.1.1 Gebeurtenis waarteen verseker word</i>	<i>8</i>
<i>2.1.2 Risiko-objek.....</i>	<i>8</i>
<i>2.1.3 Gevaar wat die skade veroorsaak.....</i>	<i>10</i>
<i>2.1.4 Omstandighede wat die risiko affekteer.....</i>	<i>10</i>
<i>2.1.5 Aanspreeklikheid en prestasie van versekeraar.....</i>	<i>11</i>
2.1.5.1 Uitsonderings en beperkings.....	12
<i>2.1.6 Samevatting</i>	<i>13</i>
3 Die openbaringsplig voor kontraksluiting	15
<i>3.1 Kennis van die versekerde.....</i>	<i>16</i>
<i>3.2 Toets vir wesenlikheid.....</i>	<i>18</i>
<i>3.3 Samevatting.....</i>	<i>24</i>
4 Openbaring na sluiting van die versekeringskontrak.....	25
<i>4.1 Inleiding</i>	<i>25</i>

4.2	<i>Artikel 53 van die KTVW en die wesenlikheidsaspek</i>	26
4.3	<i>Wesenlikheid by die nakontraktuele openbaringsklousule</i>	27
4.3.1	<i>Regent Insurance v King's Property</i>	28
(a)	Feite	28
(b)	Regsvrae	29
(c)	<i>Ratio decidendi</i> en beslissing	29
4.4	<i>Samevatting</i>	31
5	Openbaring na kontraksluiting sonder 'n klousule	33
6	Die regsposisie in Australië	35
6.1	<i>Die openbaringsplig voor kontraksluiting</i>	35
6.1.1	<i>Die "relevansie"-toets</i>	36
6.1.2	<i>Inligting wat openbaar moet word</i>	38
6.1.3	<i>Artikel 22-vereiste</i>	40
6.1.4	<i>Samevatting</i>	41
6.2	<i>Openbaring na sluiting van die kontrak</i>	43
6.2.1	<i>Inleiding</i>	43
6.2.2	<i>Uberrima fides-vereiste</i>	43
6.2.3	<i>Samevatting</i>	46
7	Die regsposisie in die Verenigde State van Amerika	48
7.1	<i>Die openbaringsplig voor kontraksluiting</i>	50
7.1.1	<i>Uberrima fides-vereiste</i>	50
7.1.2	<i>Wesenlikheid as vereiste</i>	51

7.1.3 Redelikepersoontoets	51
7.1.4 Versekerbare belang	53
7.2 Openbaring na sluiting van die kontrak	54
7.2.1 Inleiding.....	54
7.2.2 Duur van die uberrima fides-plig	55
7.2.2.1 Kalifornië.....	55
7.2.2.2 Massachusetts, New York en New Jersey.....	56
7.2.3 VSA (Federale reg).....	57
7.2.4 Samevatting	58
8 Gevolgtrekking en aanbevelings	60
Bibliografie	67

Abstract

In this study the duty to disclose after conclusion of the insurance contract is interpreted. It is a comparative study between South Africa, Australia, and the United States of America to enable the writer of this thesis to determine which country is most equitable with the effect to give his personal recommendations. Furthermore, recommendations will be given as to what should be incorporated into the insurance law of South Africa.

Chapter two to chapter five is a thorough research and interpretation of the insurance law of South Africa. In chapter two the risk element is interpreted. It is important to keep in mind that the insured does not take insurance for the legal object he is insuring. He takes insurance for his interest in the legal object.

As determined, the risk element is one of the most important elements of an insurance contract. It is of great importance to determine the risk, the risk object, and the possible dangers because it determines the liability of the insurer.

The insurer needs to be enabled to determine if he wants to accept the risk. Therefore, there is a duty on the insured to disclose all material information. The insurance law of South Africa places a heavy burden on the insured to disclose all the relevant material information to the insurer.

The duty to disclose that the insured is bearing is of a delictual nature, because at the time of negotiation there is no contract yet. If all material information is not disclosed, the insurer will be in the position to decide whether he wants to accept or deny liability.

Unlike Australia and the United States of America, insurance contracts in South Africa are not differentiated from any other contract (for example a contract of

sale). Insurance contracts are also *bonae fidei*. This duty forces both the insured and insurer to act in good faith

Chapter four considers the problematic nature of the effect of the duty to disclose after conclusion of the insurance contract. To answer this question as comprehensively as possible the latest case law and insurance law in South Africa is interpreted. The general rule will lead you to the answer that there is no such duty after conclusion of the insurance contract. As with all general rules, there are always exceptions to the rule. In short, the exceptions are information that needs to be disclosed if it alters the risk or changes the risks. Thus, the exception also carries the effect that each case needs to be determined on its own merits.

Generally, in South Africa there can only be a duty to disclose if the duty exists via a clause in the insurance contract.

In chapter six and seven the insurance law of Australia and the United States of America is discussed. These two countries differentiate between insurance contracts and other contracts. In these countries an insurance contract is classified as an *uberrima fides* contract, meaning utmost good faith. There are academic writers who believe this duty of utmost good faith endures for the entire relationship between the insured and insurer. This is problematic in the sense that it is open for argument and interpretation.

In my opinion, insurance law in Australia should be used as advisory and interpreted as is expected from us in terms of section 39 of the *Constitution of the Republic of South of Africa*, 1996. Australia's *Insurance Contract Act*, 1984 has an even scale when it comes to the protection of the insured and the insurer.

One of the great formalities of the *Insurance Contract Act*, 1984 is that the act determines expressly that the insured must be notified in writing of his duty to

disclose all material facts. This gives protection to the unsophisticated lay person to inform him of his duty to disclose and it also protects the insurer that the defence cannot be raised of lack of knowledge.

In Australia there is a distinction between the *uberrima fides* duty and the precontract duty to disclose. The effect hereof is that the duty to disclose will only be of power till the insurance contract is concluded, and not while the insurance contract is of power.

The legal position regarding the duty to disclose and the test for materiality has a close bond with that of South Africa. Therefore, in Australia, if the insurer wants to keep the duty of disclosure of power it needs to be endorsed against the insurance contract.

In the United States of America, the reasonable person test is also used to determine whether information can be categorised as material information. There is no reason to believe that the reasonable person test cannot be used after conclusion of the insurance contract.

The United States of America does not have specific legislation like an act that controls insurance contracts. Basically, the insurance law of the United States of America is formed from case law. The effect hereof is that the United States of America follows precedents that was formed throughout the years. The United States of America and Australia have the same approach to insurance contracts with minor differences. One of the core reasons hereof is because the English common law had a big effect on the insurance law of these two countries. English common law still has a lot of persuasive power in these countries.

In the United States of America, the duty to disclose and *uberrima fides* is distinguished from one another. The effect hereof is that the duty of disclosure

by itself is only applicable until conclusion of the insurance contract. The position changes the moment the *uberrima fides* duty becomes applicable because the *uberrima fides* duty and the duty to disclose is not separated. The duty to disclose is inherent to the *uberrima fides* duty. In other words, the duty to disclose flows from without the *uberrima fides* duty. The effect hereof is that the duty to disclose is applicable if the *uberrima fides* duty is applicable which amounts to pre- and postconclusion of the insurance contract.

Abstrak

In die studie is die openbaringsplig na sluiting van die versekeringskontrak geïnterpreteer. Daar is 'n vergelykende studie gedoen tussen Suid-Afrika, Australië en die Verenigde State van Amerika om die skrywer in die posisie te plaas om 'n weegskaal te tref tussen die lande en moontlike aanbevelings te maak. Verder sal die skrywer dan ook in die posisie wees om aanwysings te stel in verband met hierdie onderwerp wat hy van mening is in die Suid-Afrikaanse reg geïnkorporeer te word.

Hoofstukke twee tot vyf hanteer die Suid-Afrikaanse versekeringsreg posisie deeglik. In hoofstuk twee word die risikovereiste¹ – 'n essensiële kenmerk van 'n versekeringskontrak – ontleed. Dit is belangrik om van meet af aan kennis te neem daarvan dat die versekerde nie versekeringsdekking vir die regsobjek uitneem nie – dit is wel die subjek van die versekering. Die versekeringsdekking word uitgeneem vir die beskerming van die versekerde se belang wat hy in hierdie regsobjek het.²

Soos vroeër bepaal, is risiko een van die belangrikste elemente van 'n versekeringskontrak. Dit is egter noodsaaklik dat daar oor die risiko, die risikovoerwerp en die gevaar duidelikheid is omdat dit die versekeraar se aanspreeklikheid bepaal.

Om die versekeraar in die posisie te plaas om desnieteenstaande die risiko te bepaal, moet die versekerde alle wesenlike inligting openbaar.³ Die Suid-

1 Dit is immers een van die vereistes van 'n versekeringskontrak. Na die skrywer se mening is dit die belangrikste vereiste. As daar nie risiko bestaan nie, is daar geen punt om 'n versekeringskontrak te sluit nie. Die hoofdoel van 'n versekeringskontrak is tog immers om die risiko van 'n part (versekerde) oor te neem.

2 Vir 'n bondige voorbeeld sien par 2.1.6.

3 Sien par 3.2 vir 'n bespreking van wesenlike inligting, asook vir die toets van wesenlikheid.

Afrikaanse versekeringsreg plaas 'n swaar openbaringsplig op die versekerde om alle wesenlike inligting aan die versekeraar te openbaar. Die openbaringsplig wat op die versekerde rus, is deliktueel van aard, omrede daar nog geen kontrak bestaan nie. Indien alle wesenlike inligting nie openbaar word nie, kan die versekeraar aanspreeklikheid ontken.⁴

In Suid-Afrika word versekeringskontrakte nie van gewone kontrakte onderskei nie, en word versekeringskontrakte ook as *bonae fidei* bestempel. Die *bona fides*-vereiste verplig die versekerde asook die versekeraar om in goeie trou op te tree.

Hoofstuk vier gaan verder deur te bepaal of daar daadwerklik steeds 'n openbaringsplig na kontraksluiting is. Om die vraag so volledig moontlik te beantwoord, is daar in hierdie geval gekyk na voorbeelde van die nuutste regspraak sowel as na Suid-Afrika se versekeringsreg. Kortom is die antwoord dat daar nie 'n openbaringsplig is na kontraksluiting nie. Derhalwe moet elke saak op sy eie meriete beoordeel word. Die bedoeling met hierdie stelling is dat die posisie wat in klip vervat is, kan verander. Die posisie kan verander as die risiko verhoog of verander. Wanneer dit gebeur, is dit besonder noodsaaklik dat die versekerde dit openbaar.

In ag genome die bogenoemde is daar in onlangse regspraak beslis dat daar wel 'n openbaringsplig op die versekerde is na kontraksluiting, mits die versekeringskontrak so 'n openbaringsklousule bevat.

In hoofstuk ses en sewe geniet die versekeringsreg van Australië⁵ en die Verenigde State van Amerika⁶ aandag. Hierdie twee lande klassifiseer versekeringskontrakte as *uberrimae fidei*. Daar word in dié lande tussen gewone

⁴ Sien hoofstuk 3 in hierdie verband.

⁵ Sien hoofstuk 6 vir 'n bespreking van Australië se versekeringsreg.

⁶ Sien hoofstuk 7 vir 'n bespreking van die Verenigde State van Amerika se versekeringsreg.

kontrakte en versekeringskontrakte onderskei. 'n Versekeringskontrak word dus as hoogste goeie trou bestempel. Sekere akademici is van mening dat die plig voortduur vir die hele termyn waarin die "verhouding" tussen die versekerde en versekeraar bestaan.

My opinie is dat Australië se versekeringsreg geraadpleeg moet word soos vereis deur artikel 39 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Australië se *Insurance Contract Act, 1984* tref die beste ewewigskaal vir beskerming tussen die versekerde en versekeraar. In die *Insurance Contract Act, 1984* word daar uitdruklik bepaal dat die voornemende versekerde van sy openbaringsplig skriftelik in kennis gestel moet word. Dit bied ook goeie beskerming aan die leek wat nie kennis dra van so 'n plig nie, sowel as aan die versekeraar dat die versekerde dit nie as 'n verweer kan opper dat hy nie geweet het hy moet sekere inligting openbaar nie.

In Australië word die *uberrima fides*-vereiste van die openbaringsplig onderskei, dus dra dit die gevolg dat daar net 'n openbaringsplig is tot sluiting van die versekeringskontrak. Die regsposisie ten opsigte van die openbaringsplig en die toets vir wesenlikheid in Australië en van Suid-Afrika stem tot 'n mate ooreen. Dus, as die versekeraar die openbaringsplig van krag wil hou, moet hy – soos in Suid-Afrika – dit in 'n klousule binne die versekeringskontrak bevat.

Lys van afkortings

<i>California Insurance Code</i>	<i>CI-Code</i>
<i>Insurance Contract Act of 1984</i>	<i>IC-wet</i>
<i>International Bar Association</i>	<i>IBA</i>
<i>Korttermynversekeringswet 53 van 1998</i>	<i>KTVW</i>
<i>Langtermynversekeringswet 52 van 1998</i>	<i>LTWV</i>
<i>Potchefstroom se Elektroniese Regstydskrif</i>	<i>PER</i>
<i>South African Mercantile Law Journal</i>	<i>SAMLJ</i>
<i>Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg</i>	<i>TSAR</i>
Verenigde State van Amerika	VSA

Lys van sleutelwoorde

Billikheid

Bona fides

Uberrima fides

Onsekere gebeurtenis

Openbaarmakingsplig

Risiko

Versekeraar

Versekerde

Versekering

Versekeringsdekking

Versekeringskontrak

Wesenlikheid

1 Inleiding

Die doel van versekering is om te poog om risiko's te verhoed of te vermy.⁷ Op alle vlakke van die lewe word 'n persoon aan risiko's blootgestel. Wanneer 'n persoon aan 'n risiko blootgestel word, het hy 'n keuse om homself van hierdie risiko te vrywaar. 'n Persoon wat 'n dreigende risiko in die oë staan, sal gewoonlik alles in sy vermoë doen om homself sover moontlik van die risiko te vrywaar of om die intrede daarvan te beperk.⁸ 'n Finansiële verlies of skade is gewoonlik 'n baie goeie motivering vir vrywaring.

As 'n reël, wanneer iemand 'n produk wil in- of uitvoer, neem die betrokke versekering uit. Die omstandighede in die hedendaagse samelewing noop 'n mens om voorsiening te maak vir die talle risiko's verbonde aan die in- en uitvoer van goedere en enige nadeel wat kan intree. Ten spyte hiervan gebeur dit soms dat die versekeraar egter aanspreeklikheid uit hoofde van so 'n polis ontken en sy verweer is byvoorbeeld dat die versekerde nie alle wesenlike inligting openbaar het soos wat van hom in die versekeringskonteks vereis word nie.

'n Groot kopseer is die vraag of daar ook 'n openbaringsplig bestaan ná die versekeringskontrak reeds gesluit is. Dikwels gebeur dit dat iets fout gaan tydens een van die fases van vervoer van die uitvoergoedere en die vraag is nou of die persoon wat die versekering uitgeneem het, die versekeraar daarvan in kennis moet stel of liever, elke omstandigheid wat die één of ander verandering meebring, moet openbaar?

⁷ Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 1 (soos gepubliseer te word in 2017 *Stell LR* (vol 2), nie oorspronklike bladsynommers nie).

⁸ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance* 1.

In die volgende vergelykende studie sal die regsposisie in Suid-Afrika ten opsigte van die situasie soos hierbo geskets met dié van Australië en die Verenigde State van Amerika vergelyk word. Die rede vir die verwysing na Australië is dat daar 'n noue verband tussen Suid-Afrika en Australië is vanweë die hoë emigrasie van Suid-Afrikaners na hierdie land en die verhoogde handel wat diensengevolge tussen hierdie twee lande ontstaan het. Die Verenigde State van Amerika sal gebruik word omrede dit een van die mees ontwikkelde lande is met hoogs ontwikkelde regsreëls wat myns insiens tred gehou het met moderne ontwikkelings, veral op die kommersiële vlak. Die doel met die vergelyking is deur en deur om te bepaal of daar aspekte in hierdie stelsels ten opsigte van hierdie onderwerp bestaan wat in die Suid-Afrikaanse versekeringsreg geïnkorporeer behoort te word.

Graan, groente en vrugte is van die vernaamste uitvoerprodukte van Suid-Afrika. Aanvanklik het Suid-Afrika slegs na sy buurstate (Namibië, Botswana, Zimbabwe, Mosambiek, Lesotho en Swaziland) uitgevoer. Hierdie toedrag van sake het egter verander vanweë die feit dat die tegnologie sodanig ontwikkel het dat die wêreld in die sogenaamde "global village" verander het. Tegnologie word by die dag beter en word dit bygevolg moontlik gemaak om sekere produkte gemakliker uit te voer as wat aanvanklik die geval was. Dit was voorheen nie moontlik om vars produkte met gemak uit te voer nie (veral nie om van seevervoer gebruik te maak nie) omrede die rakleef tyd van groente en graan beperk is. Tegnologie het dit moontlik gemaak om daardie rakleef tyd te verleng.

Dit beteken egter nie dat die uitvoer van vars produkte soos graan, groente en vrugte tans ten volle vry van risiko is nie. Die uitvoer van vars produkte vereis sonder uitsondering dat een van die partye betrokke by die uitvoerkontrak versekering teen verliese moet bekom.

Die vraag wat in hierdie navorsing ter sprake gaan kom en ondersoek gaan word, het juis met die risiko-element in 'n versekeringskontrak te make; en meer spesifiek met die situasie waar die risiko na die sluiting van die versekeringskontrak sodanig verander dat dit die risiko van die versekeraar verhoog of weselik 'n ander risiko daarstel. Dit bring onmiddellik ook die openbaringsvereiste in die gedrang.

'n Praktiese situasie is byvoorbeeld die volgende: X, die bestuurder van A-maatskappy, beplan om gedurende 2017 twee ton graan en vyfhonderd kilogram groente na die Verenigde State van Amerika en Australië onderskeidelik uit te voer. Hy is onseker oor die vereistes om die graan en groente veilig oor sulke lang afstande te vervoer. Nietemin besluit hy om van seevervoer gebruik te maak aangesien dit heelwat goedkoper as lugvervoer is.

X is bewus van die feit dat onvoorsiene probleme kan opduik tydens die vervoer van sy produkte. 'n Voorbeeld hiervan is die feit dat die graan klam kan word of met miet of 'n ander insek besmet word. Groente soos aartappels, beet en radyse kan hulle kleur verloor, gewoon verlep of selfs spruite ontwikkel. Derhalwe neem hy 'n versekeringskontrak by B-versekeringsmaatskappy uit om A-maatskappy te beskerm teen verlies as gevolg van die algemene agteruitgang of skade aan die graan en/of groente.

A-maatskappy se produkte word op die skepe gelaai. Die verkoelingstelsel wys dat daar geen probleme is nie. Tydens die vervoer van sy produkte, kontak die kaptein van die skip vir A-maatskappy, deur X, en stel hom in kennis dat die verkoelingstelsel gedeeltelik defektief geraak het. Die stelsel kan die produkte slegs by 6°C in plaas van 4°C verkoel. As gevolg hiervan raak die graan effe klam en die groente is verlep toe dit by die ooreengekome bestemming arriveer. A-maatskappy stel vervolgens 'n eis kragtens die versekeringskontrak teen B-

versekeringsmaatskappy in. Die versekeraar weier om uit te betaal omrede X volgens die versekeraar nie kennis gegee het van die verhoging van die risiko nie, weens die feit dat die temperatuur in die verkoelingskamer met twee grade verhoog het.

Met verwysing na hierdie feitestel sal daar eerstens 'n ondersoek ingestel word na die regsposisie in die Suid-Afrikaanse versekeringsreg. Daarna sal na die regsposisie in Australië en die Verenigde State van Amerika gekyk word om te bepaal of die regsposisie in hierdie jurisdiksies meer billik is ten opsigte van die versekerde. Sou dit wel die geval wees, sal dit X baat om eerder die buitelandse stelsel op sy versekeringskontrak van toepassing te maak. Dit kan ook 'n goeie aanduiding gee in watter opsig die Suid-Afrikaanse versekeringsreg verbeter kan word.

In die poging om die regsvraag hierbo te beantwoord, sal die regsposisie in Suid-Afrika rakende die risikovereiste en die openbaringspoging in die versekeringsreg in hoofstuk twee tot hoofstuk vyf uiteengesit word. Die fokus sal wees op die kwessie van openbaring van 'n verandering van die risiko na sluiting van die versekeringskontrak. In hoofstukke ses en sewe sal die regsposisie in Australië en die Verenigde State van Amerika ten opsigte van dieselfde situasie nagegaan word. Daarna sal 'n vergelyking tussen die verskillende jurisdiksies getref word en ten slotte aanbevelings gemaak word. 'n Gevolgtrekking volg in hoofstuk agt.

2 Die regsposisie in Suid-Afrika

In hierdie hoofstuk sal die regsposisie in Suid-Afrika ondersoek word. Die analise sal spesifiek op die risiko-element en die openbaringsplig in versekeringskontrakte fokus.

2.1 Die risikovereiste

Die risikovereiste⁹ is een van die wesenlike vereistes van 'n versekeringskontrak.¹⁰ Die versekerde kan deur middel van die versekeringskontrak¹¹ die nodige voorsorg tref om homself teen die een of ander risiko te beskerm, hoewel daar verskeie maniere bestaan om 'n risiko te voorkom.¹²

Die omskrywing van die risikobegrip in die versekeringsregkonteks is dus relevant. Die woordsomskrywingsartikel van die *Korttermynversekeringswet*¹³ omskryf risiko soos volg:¹⁴

'n Moontlikheid dat 'n besondere gebeurtenis gedurende die tydperk waartydens 'n korttermynpolis van krag is, mag plaasvind;

Reinecke ea verwys na die risikovereiste ook as die "moontlikheid van skade".¹⁵ Hierdie skrywers bespreek die begrip "risiko" baie volledig en konkludeer dat dit

⁹ Dié vereiste word ook as 'n *essentialium* van 'n versekeringskontrak gesien.

¹⁰ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance* 73, 275, 293 noem nog ander kenmerkende vereistes bv die versekerbare belang, premie, skadevergoeding en subrogasie. Sien ook Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 891; Davis Gordon and Getz *The South African Law of Insurance* 174, 213, 257.

¹¹ Die partye sal in hierdie ondersoek as manlik bestempel word, maar dit sluit ook die vroulike vorm in.

¹² Hierdie aspek is egter nie die fokus van hierdie ondersoek nie en gevolglik sal dit nie bespreek word nie.

¹³ 53 van 1998. Hierna slegs verwys as die *KTVW*.

¹⁴ Artikel 1 van die *KTVW*.

¹⁵ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 238. Sien ook Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 892, Kruger en Stander 2010 *SAMLJ* 486. Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die

is wanneer 'n persoon met omstandighede gekonfronteer word wat tot gevolg kan hê dat daar 'n ongewenste verandering in sy finansiële posisie na vore kom.¹⁶ 'n Persoon se situasie word gevolglik as onseker beskou omrede geen persoon met sekerheid weet óf en wannéér die ongewenste verandering sal of gaan plaasvind nie.¹⁷ Hierdie moontlikheid van 'n ongewenste verandering in sy finansiële posisie is die risiko wat elke in- en uitvoerder dan ook loop.¹⁸ Die moontlikheid van die intrede van die risiko skep die behoefte om tot 'n mate sekerheid te skep.¹⁹ Die algemene metode hoe sekerheid geskep word, is myns insiens deur versekeringsdekking te bekom.

Indien die versekerde van versekeringsdekking gebruik maak, moet hy op sy hoede wees om nie te oorverseker of te onderverseker nie. Daarvoor is die identifisering van die spesifieke risiko's uiters belangrik. Dit is belangrik omdat dit die versekeraar in staat stel om die versekerde by te staan in die berekening van die moontlike skade wat kan intree.²⁰ Die versekerde moet dan ook in goeie trou

versekeringskontrak" 25 wys daarop dat "die element van onsekerheid is uiters tersaaklik vir die bestaan en beskrywing van die risiko."

¹⁶ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 233. Sien ook Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 892; Kruger en Stander 2010 *SAMLJ* 486 asook Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 4. By in- en uitvoere is die risiko dan die moontlikheid van finansiële verlies.

¹⁷ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 233. Sien ook Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 892.

¹⁸ *Kent v SA National Life Assurance Co* 1997(2) SA 808 (D). Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 233. Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 892.

¹⁹ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 233. Sien ook Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 893.

²⁰ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 152, 238. In die konteks van die studie (in- en uitvoere van vars produkte) sal die risiko die finansiële skade wees wat intree as die produk vrot raak, skimmel kry, muf, gesteel word, as die skip sink en die produkte verlore gaan.

optree om sodoende die versekeraar in hierdie opsig bystand te gee met die vasstelling van die premie.²¹

Die geïdentifiseerde risiko's sal dus meewerk om die versekeraar se prestasie te bepaal en aandui tot watter mate hy gaan presteer, asook watter premie hy in ruil daarvoor van die versekerde sal ontvang.²² Die risiko's waarvoor die versekeringskontrak dekking bied, is grootliks 'n geval van interpretasie van die kontrak.²³ Gevolglik, is die presiese omskrywing van die risiko's kardinaal van belang. Dit is daarom enersyds so dat presedente wat in vorige hofsake geskep is, nie rigied in elke ander geval toegepas kan word om die risiko's vooraf vas te stel of bepaal nie. Andersyds beteken dit dat elke versekeringskontrak op eie meriete beoordeel moet word.²⁴

Die risiko en die omvang van die versekeraar se aanspreeklikheid moet duidelik en akkuraat omskryf word. Die risiko word normaalweg omskryf aan die hand van faktore soos die spesifieke objek van die versekering, skadeveroorsakende gebeurtenisse, die tyd en plek van die materialisering van die risiko en beperkings of uitsluitings op die aanspreeklikheid van die versekeraar ... Die belangrikste gevolg van hierdie omskrywing is dat die plig van die versekeraar om te presteer indien die risiko wel materialiseer, direk verbind is met die omskrywing van die risiko in die versekeringskontrak. Met ander woorde, die versekeraar sal slegs aanspreeklik wees vir die skade wat manifesteer indien die risiko in ooreenstemming met die omskrywing daarvan verwesenlik het.²⁵

²¹ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 142-143.

²² Die prestasie van die versekeraar hang dus hoofsaaklik af van die omskrywing en beskrywing van die risiko in die versekeringskontrak (Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 238).

²³ Spesifiek die risiko-klousule in die versekeringskontrak (Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 238).

²⁴ *David Trust v Aegis Insurance Co Ltd* 2000 (3) SA 289 (HHA). Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 238; Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 892.

²⁵ Kruger & Stander (2010) *SAMLJ* 487 en die gesag daar genoem.

Vir 'n beter verstaan van die onderwerp sal verskeie aspekte vervolgens afsonderlik bekyk word.

2.1.1 Gebeurtenis waarteen verseker word

Davis²⁶ sowel as Reinecke ea²⁷ wys daarop dat die omskrywing van "risiko" gewoonlik gedoen word met verwysing na die risiko-objek;²⁸ die gevaar wat die skade veroorsaak;²⁹ omstandighede wat die risiko affekteer;³⁰ die mate van die versekeraar se aanspreeklikheid en die prestasie.³¹ Soos hierbo in paragraaf 2.1 genoem, is die risiko die moontlikheid van skade en die skade tree in as gevolg van 'n gebeurtenis wat onverwags en onvoorspelbaar plaasvind. Die versekeraar neem die risiko op hom, maar aanvaar net aanspreeklikheid indien die onsekere gebeurtenis sou intree presies soos in die kontrak omskryf.³² Hierdie aspekte wat gebruik kan word om die risiko te omskryf of te verduidelik, is hierna kortliks aan die orde.

2.1.2 Risiko-objek

Reinecke ea verduidelik dat die risiko omskryf kan word met verwysing na 'n fisiese objek wat moontlik³³ aan 'n gevaar blootgestel is.³⁴ Die objek word die risikovoerwerp genoem.³⁵ Dit is egter belangrik dat die risikovoerwerp (die

²⁶ Davis *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 174-175.

²⁷ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 238.

²⁸ Sien par 2.1.2.

²⁹ Sien par 2.1.3.

³⁰ Sien par 2.1.4.

³¹ Sien par 2.1.5.

³² Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 892. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 239.

³³ "Moontlik" dui op die element van onsekerheid.

³⁴ 'n Goeie voorbeeld hiervan sal wees om bv 'n produk of item teen seerowery te verseker.

³⁵ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 239.

spesifieke objek ter sprake) van die objek van die versekering onderskei word. Laasgenoemde – en dus die oogmerk van die versekeringskontrak – is die belang wat die versekerde verseker; die versekerbare belang.³⁶

Die onderskeid sal aan die hand van die volgende voorbeelde getref word: Gestel die versekerde verseker sy produk (regsobjek) teen byvoorbeeld muf of miet. In essensie verseker die versekerde nie die produk self nie, maar wel sy belang in die produk.³⁷ Stander en Kloppers wys ook daarop dat hoewel die risiko na die moontlikheid van skade verwys, hoef daar nie noodwendig altyd na 'n risiko-objek verwys te word nie.³⁸ Dit gaan hier om aanspreeklikheidsversekering.³⁹ Om die stelling te verduidelik, kan na die voorbeeld verwys word waar 'n verkoper van druiwe in Suid-Afrika verkoop aan 'n koper in Australië by wyse van 'n *CIF*-

³⁶ Die fokus van die navorsing is nie 'n bespreking van versekerbare belang nie en daarom sal slegs kortliks op die volgende gewys word: Die omskrywing van versekerbare belang het oor 'n lang tydperk ontwikkel. Die eerste poging was in *Littlejohn v Norwich Union Fire Insurance Society* 1905 TH 374 380-381. Die hof het versekerbare belang omskryf as "(I)f the insured can show that he stands to lose something of an appreciable commercial value by the destruction of the thing insured, then even though he has neither a *jus in re* or a *jus ad rem* to the thing insured his interest will be an insurable one". Uit hierdie omskrywing is dit duidelik dat die beskrywing net vir regsobjekte voorsiening maak en word nie na lewensversekering ook verwys nie. Die versekeringsreg het sedertdien groot ontwikkeling ondergaan. Aangesien hierdie ondersoek net op skadeversekering konsentreer, is dit voldoende om daarop te wys dat die versekerde slegs hoef te bewys dat hy 'n vermoënsregtelike verlies gaan ly wanneer dit wat hy verseker, aan die risiko blootgestel word. Die hof het die regsposisie rakende versekerbare belang in *Pienaar v Gaurdian National Insurance Co Ltd* [2002] 3 All SA 27 (K) gekristaliseer. Die hof het in hierdie saak bevind dat indien die versekerde kan bewys dat hy die kans staan om iets te verloor wat van ekonomiese waarde is, sal hy oor 'n eis beskik; en het hy dus 'n versekerbare belang. Sien verder Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 239 vir 'n volledige bespreking van versekerbare belang.

³⁷ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 239. Versekerbare belang word ietwat vollediger in par 2.1.2.1 bespreek.

³⁸ Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 5.

³⁹ Davis *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 175; Reinecke et al *Insurance Law* 239. Hierdie skrywers bevestig aanspreeklikheidsversekering as voorbeeld dat versekering sonder 'n risiko-objek kan bestaan.

kontrak⁴⁰ wat vereis dat die koper teen alle verlies moet verseker. Hoewel die koper nog nie die eienaar is nie, is hy uit hoofde van die kontrak aanspreeklik vir die verlies. Volgens hierdie soort kontrak dra hy dus die risiko van die moontlike verlies.

2.1.3 Gevaar wat die skade veroorsaak

Elke versekeringskontrak moet 'n deeglike vooruitskatting bevat van die gevaar waaraan die risiko-objek blootgestel is.⁴¹ Die "gevaar" is daardie gebeurtenis wat op die risikovoerwerp kan inwerk en dan skade veroorsaak. Die "risiko" is die moontlikheid dat dit inderdaad kan gebeur – die kans van benadeling, soos hierbo beskryf. Reinecke ea waarsku tereg dat die begrippe "risiko" en "gevaar" nie met mekaar verwar moet word nie.⁴² Die skrywer van *Modern Insurance Law in South Africa* tref die onderskeid met 'n eenvoudige verduideliking:

Risk for purposes of insurance simply means the possibility that an uncertain event or peril may occur. Peril in turn is the cause of the harm.⁴³

2.1.4 Omstandighede wat die risiko affekteer

Uiteraard kan aanvaar word dat daar in elke besondere geval verskeie omstandighede kan bestaan wat die gevaar kan laat intree en sodoende ook verantwoordelik kan wees vir die materialisering van die risiko.⁴⁴

⁴⁰ *Cost, Insurance and Freight*. Sien Van Niekerk en Schulze *The South African Law of International Trade: Selected Topics* 76 vir 'n verduideliking.

⁴¹ *Lourens v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd* 1986 (3) SA 373 (A) 384 D-E. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 239.

⁴² Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240

⁴³ Millard *Modern Insurance Law in South Africa* 3

⁴⁴ *Lourens v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd* 1986 (3) SA 373 (A) 384. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240; Davis *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 175.

Die risiko kan nie materialiseer sonder die intrede van die gevaar nie.⁴⁵ Elke tipe gevaar het omstandighede wat dit raak.⁴⁶ Dus kan daar na hierdie omstandighede verwys word as die risiko-omstandighede.⁴⁷ Volgens Reinecke ea⁴⁸ sal dit vir die versekeraar en die versekerde net voordelig kan wees om hierdie omstandighede te identifiseer. 'n Goeie voorbeeld van risiko-omstandighede is die feit dat vars vrugte en groente in 'n verkoelde houer vervoer moet word om verrotting te voorkom. Dit is ook nodig dat die verkoeling 'n spesifieke temperatuur moet wees om skade te vermy. 'n Duidelike omskrywing van die risiko-omstandighede plaas die partye in die posisie om met sekerheid te kan bepaal tot watter mate versekeringsdekking nodig is.⁴⁹

2.1.5 Aanspreeklikheid en prestasie van versekeraar

Reinecke ea⁵⁰ en Hare⁵¹ gaan verder deur te sê dat die bogenoemde risiko-omstandighede nog meer verfyn kan word deur kwalifikasie met verwysing na tyd en plek.⁵² Hierdie kwalifikasies se gevolg is dat die versekeraar se

⁴⁵ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240. Sien ook *Davis Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 175.

⁴⁶ *Davis Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 176.

⁴⁷ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240. Sien ook *Davis Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 176.

⁴⁸ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240.

⁴⁹ Sodoende ook om te verseker dat die versekerde nie oorverseker of onderverseker word nie. *Lourens v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd* 1986 (3) SA 373 (A) 384F. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240.

⁵⁰ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240.

⁵¹ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 894.

⁵² Indien seeversekering toepassing vind (soos by in- en uitvoere) moet daar in hierdie konteks verwys word na 'n tydpolis, reispolis, asook waar die twee genoemde polisse gemeng word. Tydpolisse stel in essensie die tydperk wanneer die versekeraar aanspreeklik sal wees vir enige skade. Dit word gewoonlik gedoen met verwysing na 'n datum en tyd wat die versekeringsdekking geldig is. Ingevolge die Suid-Afrikaanse seeversekeringsreg kan die tydpolis egter ook onbeperk wees. Daar word streng vereistes neergelê vir wanneer 'n skip moet vertrek en wanneer die skip by die ander hawe moet arriveer. Dit is nie 'n vereiste om te bepaal wanneer die polis tot niet gaan nie. 'n Reispolis maak weer voorsiening vir

aanspreeklikheid om te presteer, beperk word.⁵³ Voorbeelde is die verwysing na die bedrag betaalbaar,⁵⁴ die bybetaling waarvoor die versekerde moet instaan,⁵⁵ die tydperk van versekering, ensovoorts.⁵⁶

2.1.5.1 Uitsonderings en beperkings

In hierdie opsig is 'n bondige verduideliking voldoende. Daar is twee algemene metodes om die grense van die versekeraar se aanspreeklikheid vir 'n bepaalde risiko te bereken. Aan die een kant kan die kontrakterende partye die versekeraar se aanspreeklikheid beperk deur die risiko te kwalifiseer⁵⁷ of baie spesifiek te omskryf.⁵⁸ Aan die ander kant kan die partye besluit om pertinente uitsonderings en beperkings in hul kontrak te lys.⁵⁹

versekeringsdekking vir die spesifieke reis wat die skip moet volg. Dit sal gewoonlik gebeur dat die polis dekking gee van die een hawe tot die ander hawe. Die bewoording van die polis speel 'n uiterse belangrike rol. Sommige polisse sal stel dat dekking verskaf sal word op en van 'n spesifieke hawe tot by 'n spesifieke hawe. Ander kan weer bepaal dat dekking verleen kan word van pakhuis tot pakhuis. Die twee polisse kan natuurlik ook gekombineer word met consensus van die versekeraar en die versekerde. Die gevolg sal wees dat die polis dekking bied van een hawe tot 'n ander hawe binne 'n sekere tydperk. So 'n gemengde polis sal tipies gebruik word in gevalle vir een reis (Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 894-895. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 240-241).

⁵³ *Lourens v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd* 1986 (3) SA 373 (A) 384F. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

⁵⁴ Om te verduidelik kan daar na 'n aanspreeklikheidspolis verwys word. Dit is waar 'n persoon 'n polis uitneem vir 'n sekere bedrag, indien hy een of ander aanspreeklikheid teenoor 'n derde party sou opdoen.

⁵⁵ Vir 'n deel van die skade is hy dus die selfversekeraar.

⁵⁶ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 893. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

⁵⁷ In *Eagle Star Insurance Co Ltd v Wiley* 1956 (1) SA 330 (A) het die hof tereg daarna verwys as 'n beperking.

⁵⁸ *Agiakatsikas v Rotterdam Insurance Co Ltd* 1959 (4) SA 726 (C). Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

⁵⁹ *Lourens v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd* 1986 (3) SA 373 (A) 384G. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

Ook in die versekeringsreg is die vasstaande reël om te bepaal of die risiko-klausule in 'n versekeringskontrak 'n uitsondering of beperking daarstel van die bedoeling van die partye afhanklik.⁶⁰ Nietemin bereik albei die bogenoemde metodes (deur 'n duidelike kwalifikasie van die risiko of deur pertinente uitsonderings of beperkings) dieselfde resultaat. Reinecke ea wys daarop dat al twee die metodes ook stilswyend kan geskied.⁶¹ Volgens die hof in *Eagle Star Insurance Co Ltd v Riley*⁶² is die onderskeid nie in die uitdrukking geleë nie, maar in die substansie.⁶³ Die omskrywing van die risiko is van kardinale belang omdat dit die bewyslas beïnvloed.⁶⁴ In die geval van 'n gekwalifiseerde risiko rus die bewyslas om te bewys dat die risiko (soos gekwalifiseer) ingetree het, in geheel op die versekerde. In die geval waar van gelyste uitsonderings en beperkings gebruik gemaak is, rus die bewyslas aanvanklik op die versekerde om sy aanspraak binne die vier mure van die omskrewe risiko te bring. Die versekerde moet dan bewys dat 'n uitsondering ter sprake is.

2.1.6 Samevatting

Die risiko is onteenseglik 'n essensiële kenmerk van 'n versekeringskontrak. Dit is nie soseer die regsobjek (subjek van versekeringsreg) waarvoor versekeringsdekking uitgeneem word nie. Die versekeringsdekking word uitgeneem vir die beskerming van die versekerde se belang wat hy in hierdie

⁶⁰ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

⁶¹ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

⁶² 1956 (1) SA 330 (A).

⁶³ Die substansie lê daarin dat die versekerde op 'n oorwig van waarskynlikhede moet bewys dat die risiko waarteen hy verseker was en soos dit omskryf was, plaasgevind het en hy sodoende skade gely het (*Griesel v SA Myn en Algemene Assuransie Edms Bpk* 1952 (4) SA 473 (T)). Die versekeraar moet op sy beurt weer die teenwoordigheid van 'n uitsondering bewys (Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241).

⁶⁴ *Eagle Star Insurance Co Ltd v Wiley* 1956 (1) SA 330 (A). Vir 'n goeie bespreking van die bewyslas, sien Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 241.

regsobjek het.⁶⁵ Oor die risiko, die risikovorwerp en die gevaar moet daar duidelikheid wees, want dit bepaal die versekeraar se aanspreeklikheid sowel as die versekerde se teenprestasie (premie). Vervolgens relevant is die openbaring van inligting rakende hierdie aspekte van die risiko, want in die laaste instansie moet bepaal word of die versekerde 'n plig het om aan die versekeraar te openbaar indien daar die een of ander verandering van die risiko plaasvind.

Derhalwe sal die openbaringsplig voor kontraksluiting bespreking geniet.

⁶⁵ 'n Voorbeeld in die konteks van die ondersoek sal wees dat die versekerde sy belang in die groente en graan wat hy wil uitvoer verseker en nie direk die graan en groente nie. Indien die risiko sou materialiseer, sou hy dan vir sy skade (omdat die graan en groente iets oorgekom het) vergoed word.

3 Die openbaringsplig voor kontraksluiting

Eerstens moet daar in gedagte gehou word dat daar nie op enige van die kontrakterende partye 'n algemene verpligting is om inligting te openbaar nie.⁶⁶ Daar is egter sekere omstandighede wat die verpligting om inligting te openbaar in die lewe roep.⁶⁷ Die nie-openbaarmaking van sulke inligting sal dan as onregmatig aangemerkt kan word.⁶⁸ Dit maak nie saak watter van die twee partye tot die kontrak so optree nie. Verder is daar ook omstandighede wat aanleiding gee tot die verpligting om inligting te openbaar.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek gaan net enkele omstandighede bespreek word, naamlik wanneer daar 'n regsplig op 'n persoon rus om die inligting in die prekontraktuele onderhandelinge te openbaar.⁶⁹ Die verpligting staan in die versekeringsregomgewing as die openbaringsplig bekend en soos genoem, berus hierdie plig by die voornemende versekerde sowel as by die voornemende versekeraar.

Die versekerde⁷⁰ het 'n openbaringsplig ten opsigte van alle wesenlike feite of inligting⁷¹ en dié moet openbaar word voordat die versekeringskontrak gesluit word.⁷² Wanneer hierdie plig nie nagekom word nie, kan dit ook as

⁶⁶ *ABSA Bank Ltd v Fouche* 2003 (1) SA 176 (HHA). Sien ook Nortje 2015 *TSAR* 348; Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 135, 151.

⁶⁷ Sien Nortje 2015 *TSAR* 348. Kyk ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 151.

⁶⁸ Die grondslag vir die verbreking of nienakoming van die plig is derhalwe deliktueel en nie kontraktueel nie. Daar bestaan nog geen kontrak nie (Nortje 2015 *TSAR* 348). Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 151.

⁶⁹ Nortje 2015 *TSAR* 348.

⁷⁰ Die klem sal van hier af op die openbaringsplig van die versekerde val.

⁷¹ Van Niekerk 2011 *SAMLJ* 135. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 135.

⁷² *Iscor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1961 1 SA 178 (T). Sien ook *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk* 1989 1 SA 208 (A);

wanvoorstelling teenoor die versekeraar aangemerkt word.⁷³ Dit is so as die versekeraar kan bewys dat hy deur die wanvoorstelling in die kontrak getree het.⁷⁴

Die heersende standpunt is dat hierdie plig gemeenregtelik⁷⁵ is en van regsweë vereis of opgelê word. Die versekerde moet *bona fide*⁷⁶ optree; dit is immers vir elke kontrak 'n vereiste.⁷⁷

3.1 Kennis van die versekerde

Die openbaarmakingsplig berus op die versekerde se kennis. Hy kan tog nie feite openbaar wat buite sy kennis val nie.⁷⁸ Die versekerde moet dus alle wesenlike

Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality 1985 (1) SA 419 (A); Van Niekerk 1999 *SAMLJ* 179; Van Niekerk 2005 *SAMLJ* 330; Van Niekerk 2011 *SAMLJ* 135; Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 135; Millard en Kuchke 2014 *PER* 2415 asook Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 6 ev. Hoewel die plig ook vir die versekeraar geld, sal weens die onderwerp van die studie voorts net na die openbaring deur die versekerde verwys word.

⁷³ Nortje 2015 *TSAR* 347. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 135.

⁷⁴ Wat veroorsaak dat 'n persoon deliktueel aanspreeklik gehou kan word want daar bestaan nog nie 'n kontrak nie (Nortje 2015 *TSAR* 347; Van Niekerk 2011 *SAMLJ* 135; Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 135).

⁷⁵ *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A). Sien ook Davis 1993 *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 115; Van Niekerk 1999 *SAMLJ* 181; Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 7.

⁷⁶ In goeie trou.

⁷⁷ Vroeër was die posisie dat 'n versekeringskontrak as 'n kontrak *uberrima fides* (in hoogste goeie trou) beskou is. Die posisie het in *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) egter verander toe die hof beslis het dat daar nie 'n onderskeid getref kan word tussen verskillende grade van goeie trou nie. Die hof het gevolglik beslis dat alle kontrakte *bonae fidei* is (*Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) 433E). Sien ook Havenga 1996 *SAMLJ* 75.

⁷⁸ Dit is praktyk dat Suid-Afrikaanse howe vanweë Suid-Afrika se geskiedkundige bande met Groot Brittanje na Engelse regspraak kyk om leiding te kry hoe om 'n spesifieke kwessie aan te spreek. In *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) 433E het die hof twee Engelse sake, naamlik *Joel v Law Union & Crown Insurance Co* [1908] 2 KB 863 (CA) en *Brownlie v Campbell* (1880) 5 App Cas 925 (HL) 958 oorweeg om

feite in sy kennis voor kontraksluiting aan die versekeraar openbaar.⁷⁹ Dit is egter die versekeraar se las om te bewys dat 'n sekere feit wesenlik is en dat daardie feit nie openbaar is nie.⁸⁰

Die oomblik wanneer die kennis van 'n party ter sake raak en beoordeel moet word, kom meteen ook die leerstuk van konstruktiewe kennis ter sprake. Konstruktiewe kennis word in die Suid-Afrikaanse reg gedefinieer as toegerekende kennis of kennis wat vermoed word – daardie kennis wat 'n persoon redelikerwys kon verkry of redelikerwys van hom verwag kon word om te weet.⁸¹ Die versekerde sal wel al daardie kennis wat hy in die gewone loop van besigheid kon opdoen, moet openbaar. As daar na vorige hofuitsprake gekyk word, wil dit voorkom of konstruktiewe kennis nie in hierdie opsig (by voorkontraktuele openbaring) 'n vereiste in Suid-Afrika is nie. Die hele posisie het egter na *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality*⁸² verander. In dié saak het die hof bepaal dat konstruktiewe kennis ook ingesluit moet word.⁸³ Die toets vir konstruktiewe kennis is ook die redelikepersoonstoets. Daar kan verwag word dat die redelike persoon in die gewone loop van sake kennis sou geneem het van die spesifieke feite en dit sodoende openbaar het.⁸⁴

tot die bogenoemde gevolgtrekking te kom. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 155.

⁷⁹ Kan ook as 'n verpligting op die versekerde gesien word (*Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A)). Sien ook Van Niekerk 2004 *SAMLJ* 113; Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 155.

⁸⁰ Sien bv Van Niekerk 1999 *SAMLJ* 182.

⁸¹ *Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v De Buyn* 1911 CPD 103 126.

⁸² 1985 (1) SA 419 (A).

⁸³ By werklike kennis van die versekerde.

⁸⁴ *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A).

3.2 Toets vir wesenlikheid

Met die deurlopende ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse versekeringsreg het daar 'n aantal "toetse" ontwikkel om te bepaal of 'n feit weliswaar wesenlik is.⁸⁵ Die toetse is die redelikeversekeraartoets;⁸⁶ redelikeversekerdetoets,⁸⁷ kombinasie tussen die redelikeversekeraar- en redelikeversekerdetoets;⁸⁸ redelikemantoets⁸⁹ en die vergelykingtoets.⁹⁰

Reinecke ea beskryf die aanvaarde standpunt in verband met die toets vir wesenlikheid in die volgende woorde:⁹¹

The test for materiality is an objective one ... What must be postulated is a notional or idealistic set of contracting parties, operating within the circumstances and constraints pertaining to actual parties ... Facts are deemed to be material if those facts, stated, implied or non disclosed by the actual representor, would have influenced a notional representee, on a balance of probabilities, to conclude the contract as it stands or, to put it conversely, if,

⁸⁵ 'n Intensiewe uiteensetting van die verskillende toetse word, tov die oogmerk van die huidige ondersoek, tans nie beoog nie. Daar sal volstaan word met 'n oorsigtelike verwysing daarna en slegs die heersende standpunt hoe vir wesenlikheid getoets word, sal analiseer word. Bronne vir 'n ontleding van hierdie toetse is oa Havenga 1995 *SAMLJ* 91; Davis *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 115-119 asook Van Niekerk (1989) *SAMLJ* 89 ev.

⁸⁶ Dié toets was deur die hof in *Nel v Santam* 1981 2 SA 230 (T) toegepas.

⁸⁷ Dié toets was deur die hof in *Fouche v The Corporation of the London Assurance* 1931 WLD toegepas.

⁸⁸ Dié toets was deur die hof in *Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurance Ltd* 1976 4 SA 970 (W) toegepas.

⁸⁹ Dié toets was deur die hof in *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) toegepas.

⁹⁰ Dié toets was deur die hof in *Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society Ltd* 1993 (1) SA 69 (A) toegepas.

⁹¹ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 163. Op 166 verduidelik Reinecke ea: "The question is whether, in the overview of the reasonable person, the facts are reasonably relevant to the assessment and quantification of the risk. The reasonable person must be assumed to come to an informed conclusion ...". In vn 255 meld Reinecke ea (op 167) die volgende: "The question whether the particular information ought to have been disclosed is judged not from the point of view of the insurer, or the insured, but from the point of view of the notional, reasonable and prudent person."

absent those facts, the notional representee would not have concluded the contract at all or at any rate not on those terms.

Die saamgestelde redelikepersoontoets is die toets wat deur die howe gebruik word om te bepaal of die feite in elke spesifieke geval wesenlik is.⁹² Dit is 'n objektiewe toets⁹³ en behels dat gevra moet word of die nie-openbaring van die inligting die beraming van risiko van 'n redelike persoon se oordeel sou beïnvloed.⁹⁴

Dus kan daar in dié stadium van die ondersoek met veiligheid gesê word dat die vraag nie bloot is of die inligting wat nie openbaar was nie, die risiko sou beïnvloed het nie. Verder relevant is die uitwerking wat die inligting (wat nie openbaar is nie) op die versekeraar se opinie oor die beraming van die risiko asook die premie sou hê.⁹⁵ Dit was ook die standpunt wat deur appèlregter Van Heerden ingeneem

⁹² Van Niekerk 2004 *SA SAMLJ* 113.

⁹³ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 163.

⁹⁴ Stander en Kloppers maak ter verduideliking die stelling dat die versekeraar eers verdere inligting sou wou inwin voordat hy die besluit sou neem om die risiko as sodanig te aanvaar of nie (Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 9).

⁹⁵ *Certain Underwriters of Lloyds of London v Harrison* 2004 2 SA 446 (HHA) 449: "It is well established that an insured has a duty to disclose to the insurer, prior to the conclusion of the contract of insurance, 'every fact relative and material to the risk ... or the assessment of the premium ... of which (the insured) had actual knowledge or constructive knowledge prior to the conclusion of the contract of insurance', and that a breach of that duty entitles the insurer to avoid the contract (*Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) at 432E-F)." Op 451-452 van dieselfde saak verduidelik appèlregter Nugent: "In *Oudtshoorn Municipality* (supra at 435F-I), it was held by this Court that the test of materiality is an objective one, to be determined by asking, upon a consideration of the relevant facts of the particular case, 'whether or not the undisclosed information or facts are reasonably relative to the risk or the assessment of the premiums'. In *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk en 'n Ander* 1989 (1) SA 208 (A) at 216D-G Van Heerden JA expanded upon what that meant as follows: '(D)ie vraag (is) dus nie of na die oordeel van 'n redelike man die betrokke inligting wel die risiko beïnvloed nie, maar of dit redelikerwys 'n effek mag hê op 'n voornemende versekeraar se besluit om al of nie die risiko te aanvaar of 'n hoër premie as die normale te verg. Anders gestel, is die toets

was in *President Versekeringsmaatskappy Bpk. v Trust Bank van Afrika Bpk*⁹⁶ waar die volgende gesê is:⁹⁷

Die vraag is dus nie of na die oordeel van 'n redelike man die betrokke inligting wel die risiko beïnvloed nie, maar of dit redelikerwys 'n effek mag hê op 'n voornemende versekeraar se besluit om al of nie die risiko te aanvaar of 'n hoër premie as die normale te verg. Anders gestel, is die toets of die redelike man sou geoordeel het dat die inligting oorgedra moes word sodat die voornemende versekeraar self tot 'n besluit kan kom. En so 'n oordeel sou hy bereik het indien die inligting na sy mening die voornemende versekeraar redelikerwys kon beïnvloed het.

Die toets is nie slegs eensydig deur bloot net of die redelike persoon die inligting sou openbaar nie, maar ook wat die invloed op die beraming van die risiko van die versekeraar sou wees.⁹⁸

Verder word die vraag gevra of die redelike persoon, in die posisie van die versekerde, die feite as wesenlik sou ag en dus openbaar;⁹⁹ as die redelike persoon van oordeel sou wees dat die feit – of feite – die vasstelling van die risiko deur die versekeraar sou beïnvloed moet die inligting openbaar word.¹⁰⁰

of die redelike man sou geoordeel het dat die inligting oorgedra moes word sodat die voornemende versekeraar self tot 'n besluit kan kom. En so 'n oordeel sou hy bereik het indien die inligting na sy mening die voornemende versekeraar redelikerwyse kon beïnvloed het'." Sien ook Davis *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 116; Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 6.

⁹⁶ 1989 1 SA 208 (A).

⁹⁷ 216 D-G.

⁹⁸ Dit is ook baie insiggewend om te kyk na die strekking van a 53(1) van die *KTVW* en a 59(1) van die *Langtermynversekeringswet* (hierna slegs verwys as die *LTVW*) en die benadering van die hof in *Representative of Lloyds v Classic Sailing Adventures* 2010 4 All SA 366 (HHA); Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 168; Van Niekerk 1999 *SAMLJ* 182.

⁹⁹ Church 2013 *De Jure* 863.

¹⁰⁰ Church 2013 *De Jure* 863. Dit sal wys wees om na die historiese ontwikkeling van hierdie toets te kyk. Die rede vir hierdie stelling is omdat dit die leser in staat sal stel om te kan begryp presies hoe die hof die redelikepersoontoets toepas.

Dit is daarom voldoende om te meld, met verwysing na onlangse hofuitsprake¹⁰¹ asook die beginsel wat deur artikels 53(1) van die *KTVW* en 59(1) van die *Langtermynversekeringswet*¹⁰² verskaf word, dat tans aanvaar word dat wat die nie-openbaring van feite betref, in die woorde van die beslissing in *Liberty Life Association of Africa Ltd v De Waal*¹⁰³ gevra moet word of die nie-openbaring van die inligting die **beraming** van die risiko na die oordeel van 'n redelike persoon

In 1985 het die hof in *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) (hierdie saak word as die *locus classicus* vir die toets vir wesenlike feite by openbaring beskou. Sien ook Nagel red *Kommersiële Reg* 361) beslis dat die toets objektief is naamlik dat alle feite wat vir die redelike persoon op straat wesenlik sou wees, geopenbaar moet word. Dit is feite wat redelik verbandhoudend tot (die vasstelling van) die risiko is. [Later in 1991 is die toets uitgebrei, waar die hof in *Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society Ltd* 1991 (2) SA 399 (W) die standpunt ingeneem het dat enige feite wat die versekeraar van hulp dien in die besluitneming of hy die risiko wil aanneem of nie, wesenlik is. Die *Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society Ltd* saak is op appèl geneem in 1993. Die Hoogste Hof van Appèl het hier beslis dat die vraag of inligting geopenbaar moet word 'n feitevraag is.¹⁰⁰ Die feitevraag is of die redelike persoon die feite sou sien dat dit die risiko verander of die versekeraar sal beïnvloed om die keuse te maak.

¹⁰¹ *Certain Underwriters of Lloyds of London v Harrison* 2004 (2) SA 446 (HHA) 449: "It is well established that an insured has a duty to disclose to the insurer, prior to the conclusion of the contract of insurance, 'every fact relative and material to the risk ... or the assessment of the premium ... of which (the insured) had actual knowledge or constructive knowledge prior to the conclusion of the contract of insurance', and that a breach of that duty entitles the insurer to avoid the contract (*Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 (1) SA 419 (A) at 432E-F)." Op 451-452 van dieselfde saak verduidelik appèlregter Nugent: "In *Oudtshoorn Municipality* (supra at 435F-I), it was held by this Court that the test of materiality is an objective one, to be determined by asking, upon a consideration of the relevant facts of the particular case, 'whether or not the undisclosed information or facts are reasonably relative to the risk or the assessment of the premiums'. In *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk en 'n Ander* 1989 (1) SA 208 (A) at 216D-G Van Heerden JA expanded upon what that meant as follows: '(D)ie vraag (is) dus nie of na die oordeel van 'n redelike man die betrokke inligting wel die risiko beïnvloed nie, maar of dit redelikerwys 'n effek mag hê op 'n voornemende versekeraar se besluit om al of nie die risiko te aanvaar of 'n hoër premie as die normale te verg. Anders gestel, is die toets of die redelike man sou geoordeel het dat die inligting oorgedra moes word sodat die voornemende versekeraar self tot 'n besluit kan kom. En so 'n oordeel sou hy bereik het indien die inligting na sy mening die voornemende versekeraar redelikerwyse kon beïnvloed het'."

¹⁰² 52 van 1998, hierna die *LTW*.

¹⁰³ *Liberty Life Association of Africa Ltd v De Waal* 1999 4 SA 1177 (HHA) 1182G-I. Sien ook die bespreking van a 59(1) van die *LTW* en a 53(1) van die *KTVW*.

sou beïnvloed het, byvoorbeeld deurdat die appellant (*in casu* die versekeraar) eers verdere inligting sou ingewin het voordat hy sou besluit het om die risiko al dan nie te aanvaar.¹⁰⁴ Met ander woorde, die vraag is nie net of die onjuiste inligting die risiko sou beïnvloed het nie, maar ook of dit 'n uitwerking sou gehad het op die appellant se beoordeling van die risiko en die premie.¹⁰⁵

Versigtigheid moet egter aan die dag gelê word. Hierdie aanhaling kan verwarrend wees. Die feit dat gevra word wat die uitwerking van die nie-openbaring **op die appellant (versekeraar) se beoordeling** van die omstandighede sou gewees het, beteken nie dat die betrokke versekeraar se kennis relevant is nie. Dit beteken nie dat *die betrokke versekeraar* se oordeel as rigtinggewend beskou word nie.¹⁰⁶ Die **betrokke** versekeraar se oordeel is slegs relevant by die **bepaling of vasstelling van die beweegrede**, oftewel die uitwerking van die nie-openbaring.¹⁰⁷

Insiggewend is die volgende opmerking van Reinecke *ea*¹⁰⁸ oor die toets van wesenlikheid:

What these provisions [artikel 59(1) van die *LTVW* en artikel 53(1) van die *KTVW*] leave unanswered in clear terms is whether the perspective of the

¹⁰⁴ Dit is nie die doel van hierdie ondersoek om al die kritiek wat teen hierdie redelikepersoonstoets uitgespreek is en word, te bespreek en te beoordeel nie. Sien hiervoor (behalwe vir die tydskrifartikels waarna ook hieronder verwys word) o.a. Reinecke MFB en Becker EA "Die openbaringsplig by versekering: *Uberrima fides* oorboord" 1985 *TSAR* 86; Van der Merwe S "Insurance and good faith: Exit *uberrima fides* – enter what?" 1985 *THRHR* 456; Van Niekerk JP "Goodbye to the duty of disclosure in Insurance Law: Reasons to rethink, restrict, reform or repeal the duty (Part 1) 2005 *SAMLJ* 150; Van Niekerk JP "Goodbye to the duty of disclosure in Insurance Law: Reasons to rethink, restrict, reform or repeal the duty (Part 2) 2005 *SAMLJ* 323. Die punt is egter dat hierdie plig tans nog bestaan en streng deur die hof toegepas word.

¹⁰⁵ Sien Davis *Gordon & Getz: Insurance* 116 ev.

¹⁰⁶ Sien ook *Trust Bank van Afrika Bpk v President Versekeringsmaatskappy Bpk* 1988 1 SA 546 (W) 553; en 1989 1 SA 208 (A).

¹⁰⁷ Sien ook Van Niekerk (1999) *SAMLJ* 183.

¹⁰⁸ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 168-169.

reasonable prudent person is that of the notional insurance proposer (who is responsible for the ... non-disclosure) or that notional insurer (who is to assess its relevance). Inasmuch as the section recognises a distinction between the two (which is contrary to the concept of a composite reasonable person) and inasmuch as the information is to emanate from the proposer, logic would suggest that it is the perspective of the notional proposer, rather than that of the notional insurer, that should serve as a filter of the pertinent information that should be assessed by the insurer.

Derhalwe kan die vraag gevra word of Reinecke ea nie met hierdie opmerking weer beweeg in die rigting van die redelikeversekerdetoets nie? Met verwysing na hierdie toets is gevra of die redelike voornemende versekerde die spesifieke feite relevant sou ag vir die besluit van die versekeraar ten opsigte van die vasstelling en onderskrywing van die risiko.¹⁰⁹ Verskil dit van die maatstaf wat tot inhoud het dat "since it is the view of the notional reasonable person in the position of a proposer or an insured which is relevant, the opinion of the particular insurance proposer is not decisive of the issue of materiality"? Van Niekerk se mening is onomwonde dat:¹¹⁰

(t)he reasonable person has to be put in the place of one of the parties to the insurance contract, namely, it is submitted, in the position of a proposer of

¹⁰⁹ Sien Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 163 se verduideliking van die redelike versekerde toets.

¹¹⁰ Van Niekerk 1999 *SAMLJ* 183. 'n Ander interpretasie van wesenlikheid in hierdie opsig, word uitgespel deur Millard & Kuchke 2014 17:6 *PER* 2417. Hulle verduidelik die wesenlikheid van 'n nie-openbaring (maar hulle oordeel die openbaringsplig wat op die versekeraar rus en waar die versekeraar nie die plig nagekom het nie) soos volg: "materiality appears to depend on a two-pronged test, namely whether the representation was made with the intention to induce the other party to contract, and then whether a reasonable person would have been so induced. It is submitted that this must go to the root of the matter as interpreted from the viewpoint of the "reasonable policyholder". Furthermore, the statement should induce the prospective policyholder into concluding the insurance contract, yet does not have to be decisive or dominant cause. Finally, the insurer must have had the intention to induce, not necessarily the intention to mislead or defraud."

insurance, in which case the test in practical terms become a reasonable insured test.¹¹¹

Na my mening is daar tog 'n baie fyn onderskeid. Albei toetse oordeel objektief, maar die een vanuit die perspektief van die redelike versekeringsaansoeker en die ander vanuit die perspektief van die redelike persoon; die redelike persoon moet oordeel of die inligting in die spesifieke omstandighede¹¹² relevant is vir die versekeraar se beraming van die risiko.¹¹³ 'n Feit is wesenlik indien 'n redelike persoon meen dat sodanige feit, in die spesifieke situasie, 'n versekeraar¹¹⁴ se besluit in verband met die beraming van die betrokke risiko redelikerwys kon beïnvloed het.¹¹⁵ Dan is die toets inderdaad dan gekontekstualiseer.

3.3 Samevatting

Die openbaringsplig vergestalt die goeietrouvereiste omdat indien enige van die partye nie die openbaringsplig wat voor kontraksluiting op hulle rus, nakom nie, die kontrak vernietigbaar is. Daar is nie 'n algemene plig op enige van die kontrakterende partye om feite te openbaar nie. Die objektieweredeliksheidstoets word gebruik om te bepaal of feite as wesenlik geag word en dus openbaar moet word.

Die kwalifikasie is dat die versekerde party kennis van hierdie feite moet hê. Konstruktiewe kennis word ook hierby ingesluit.

¹¹¹ Die vraag kan gevra word of dit nie meer akkuraat sou wees om hierdie toets die "redelike-aansoeker"-toets te noem nie. Daar is tog geen kontrak nie.

¹¹² Met ander woorde die redelike persoon oordeel met inagneming van die kennis waaroor die versekerde in daardie stadium beskik. Dit is die spesifieke omstandighede of die spesifieke situasie.

¹¹³ Nie 'n redelike aansoeker nie. Die redelike aansoeker se perspektief sal nie noodwendig ooreenstem met 'n redelike persoon se perspektief nie, omdat daar tog 'n mate van eiebelang by 'n versekeringsaansoeker teenwoordig kan wees.

¹¹⁴ *Mahadeo v Dial Direct Insurance Ltd* 2008 4 SA (W) par 18.

¹¹⁵ *Trust Bank van Afrika Bpk v President Versekeringsmaatskappy Bpk* 1989 1 SA 208 (A) 216.

4 Openbaring na sluiting van die versekeringskontrak

4.1 Inleiding

Soos reeds in paragraaf 2.2 bevestig, rus daar 'n openbaarmakingsplig op die versekerde om voor kontraksluiting alle **wesenlike feite** aan die versekeraar te openbaar. Die vraag is vervolgens of die openbaarmakingsplig dan tot niet gaan as die versekeringskontrak gesluit is? Bestaan daar nie moontlik 'n plig om ook na kontraksluiting die versekeraar in te lig as die risiko (kan) verander of verhoog nie? Dit is juis vanweë die feit dat die risiko onseker is dat die vraag toepaslik is. Verandering daarvan is moontlik.

Stander en Kloppers wys gevolglik daarop dat die bronne wat hulle bestudeer het dit eens is dat daar geen so 'n plig na kontraksluiting bestaan nie. In *Pereira v Marine & Trade Ins Co Ltd*¹¹⁶ beslis die appèlhof uitdruklik:

It was contended by respondent's counsel that this duty, or a similar duty, of disclosure persisted after the conclusion of the contract of insurance and affected the insured in all his dealings with the insurer, including the making of a claim under the policy. I know of no authority which fully bears out this proposition. In fact, there are statements in certain text-books which tend to the contrary (see Gordon, *S.A. Law of Insurance*, 2nd ed., p. 112; Lee and Honorè, *Law of Obligations*, sec. 590; *Halsbury*, 3rd ed., vol. 22, sec. 202; *Shawcross*, *op. cit.*, p 645); and certainly the purpose and rationale of the pre-contract duty of disclosure could hardly apply after the conclusion of the contract.

'n Motivering vir hierdie standpunt lê juis in die naam van die plig, naamlik die vóórkontraktuele openbaringsplig. Dit gaan nie oor openbaring van situasies of omstandighede wat wysig of vermeerder ná kontraksluiting nie. Die risiko "wysig" of "verhoog" nie voor kontraksluiting nie. Die risiko is dan soos dit op daardie oomblik bestaan. Hoe dit dán bestaan, moet openbaar word.

¹¹⁶ 1975 4 SA 745 (A) 755-756.

Daarom neem die versekeraars dikwels so 'n klousule in hul kontrakte op. Vervolgens sal ondersoek word wat die regsposisie is waar daar weliswaar so 'n nakontraktuele openbaringsklousule in 'n kontrak opgeneem is. Voor dit egter gedoen word, sal dit myns insiens behulpzaam wees om na die wesenlikheidstoets in artikels 53 van die KTVW te kyk.

4.2 Artikel 53 van die KTVW en die wesenlikheidsaspek

Dit moet genoem word dat die kern van die *KTVW* se artikel 53¹¹⁷ en die *LTVW* se artikel 59¹¹⁸ dieselfde is. Dit handel oor wanvoorstelling en die versuim om

¹¹⁷ 53(1)(a) Notwithstanding anything to the contrary contained in a short-term policy, whether entered into before or after the commencement of this Act, but subject to ...

- (i) the policy shall not be invalidated;
 - (ii) the obligation of the short-term insurer thereunder shall not be excluded or limited; and
 - (iii) the obligations of the policyholder shall not be increased, on account of any representation made to the insurer which is not true, or failure to disclose information, whether or not the representation or disclosure has been warranted to be true and correct, unless that representation or non-disclosure is such as to be likely to have materially affected the assessment of the risk under the policy concerned at the time of its issue or at the time of any renewal or variation thereof.
- (b) The representation or non-disclosure shall be regarded as material if a reasonable, prudent person would consider that the particular information constituting the representation or which was not disclosed, as the case may be, should have been correctly disclosed to the short-term insurer so that the insurer could form its own view as to the effect of such information on the assessment of the relevant risk.

¹¹⁸ 59(1)(a) Notwithstanding anything to the contrary contained in a long-term policy, whether entered into before or after the commencement of this Act, but subject to subsection (2)-

- (i) the policy shall not be invalidated;
- (ii) the obligation of the long-term insurer thereunder shall not be excluded or limited; and
- (iii) the obligations of the policyholder shall not be increased, on account of any representation made to the insurer which is not true, or failure to disclose information, whether or not the representation or disclosure has been warranted to be true and correct, unless that representation or non-disclosure is such as to be likely to have materially affected the assessment of the risk

wesenlike inligting te openbaar. Weens die lengte van hierdie artikels sal dit steurend wees om dit volledig aan te haal. Kortliks word daarin bepaal dat die feite as wesenlik geag sal word indien die redelike persoon sou geoordeel het dat die inligting wat voorgestel was of nie openbaar is nie, korrek aan die versekeraar openbaar moes word sodat die versekeraar sy eie siening ten opsigte van die effek van die inligting op die vasstelling van die betrokke risiko kon vorm.¹¹⁹ Dit is om die versekeraar in die posisie te stel om die risiko in daardie spesifieke omstandighede te evalueer.¹²⁰

4.3 Wesenlikheid by die nakontraktuele openbaringsklousule

Waar die toets vir wesenlikheid in die klousule self vasgestel of bepaal word, moet, net soos by enige ander bepaling in die kontrak, daaraan effek gegee word. Die partye het dus self ooreengekom wat vir hulle omstandighede as wesenlik gesien moet word. Waar die betrokke klousule egter swyg oor die toets wat vir die bepaling van 'n wesenlike feit gebruik moet word, is dit my mening dat die reël, soos dit in artikel 53 hierbo uiteengesit word, aangewend moet word. Dit is egter nodig dat eers na enkele hofuitsprake in hierdie konteks verwys word.

under the policy concerned at the time of its issue or at the time of any variation thereof.

- (b) The representation or non-disclosure shall be regarded as material if a reasonable, prudent person would consider that the particular information constituting the representation or which was not disclosed, as the case may be, should have been correctly disclosed to the insurer so that the insurer could form its own view as to the effect of such information on the assessment of the relevant risk.

¹¹⁹ Sien ook Nagel red *Kommersiële Reg* 362; Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 167.

¹²⁰ Nagel red *Kommersiële Reg* 362. Sien ook Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 167.

4.3.1 *Regent Insurance v King's Property*¹²¹

In dié saak was daar vanaf die Hoë Hof in Pretoria na die Hoogste Hof van Appèl geappelleer. Die kontrak ter sprake het 'n klousule bevat dat sekere inligting na sluiting van die kontrak openbaar moes word.

(a) Feite

In *Regent Insurance Co Ltd v King's Property Development (Pty) Ltd t/a King's Prop*¹²² het die respondent (die versekerde) verskeie geboue by die appellant (die versekeraar) verseker. Later het die versekerde versoek dat nog 'n perseel bygevoeg word en vir hierdie doeleindes het die versekerde die versekeraar versoek om 'n inspeksie van die perseel te doen.¹²³ Die respondent het die appellant in kennis gestel dat die besigheid wat in die gebou bedryf word te doen het met die ontwikkeling van eiendom, asook die verskaffing van beddegoed.¹²⁴ Die inspeksie het egter nooit plaasgevind nie en die perseel is verseker sonder dat die inspeksie plaasgevind het. In die polis was 'n klousule dat alle feite, asook enige verhoging of verandering van die risiko openbaar moet word. Die perseel het afgebrand met die gevolg dat die versekerde 'n eis teen die versekeraar ingestel het vir die koste van die herstel van die gebou asook die verlies aan huurinkomste.¹²⁵ Die versekeraar het die eis van die hand gewys. Daar is beweer dat die versekerde versuim het om te openbaar dat die huurder van die gebou, 'n vervaardiger van trokke en waentjies, met hoogs vlambare stowwe op die

¹²¹ 2015 (3) SA 85 (HHA).

¹²² 2015 (3) SA 85 (HHA). Hierna sal daar slegs verwys word na as "*Regent Insurance v King's Property* saak".

¹²³ Sien parr 1-14 van die *Regent Insurance v King's Property* saak vir 'n bespreking van die feite.

¹²⁴ *Regent Insurance v King's Property* saak 89.

¹²⁵ *Regent Insurance v King's Property* saak parr 1-2.

perseel werk.¹²⁶ Die versekeraar het beweer dat indien hulle daarvan bewus sou wees, hulle nie die gebou sou verseker het nie.¹²⁷ Die brand het ontstaan as gevolg van die werksaamhede van die huurder. Die Hoë Hof het bevind dat die versekerde mislei is om te glo dat die bogenoemde inspeksie wel gedoen is en het die premies betaal op die aanname dat die perseel geldig verseker is.¹²⁸ Die hof het verder bevind dat die versekeraar deur middel van estoppel verhoed is om op nie-openbaarmaking te steun.¹²⁹ Nodeloos om te sê dat die versekeraar teen die beslissing van die Hoë Hof geappelleer het.

(b) Regsvrae

Toepaslik vir die bespreking tans is slegs die twee vrae voor die hof van appèl, naamlik of die versekeraar kan bewys dat dit 'n wesenlike nie-openbaarmaking was en dat die nie-openbaarmaking die **beweegrede** was vir die versekeraar om die kontrak te sluit.

(c) *Ratio decidendi* en beslissing

Ten opsigte van die wesenlikheid van die nie-openbaring verwys die hof na *Clifford v Commercial Union Insurance Co of SA Ltd*¹³⁰ en (weereens is) bevind dat dit 'n objektiewe toets vereis om te bepaal of die versuim om inligting/feite te openbaar wesenlik is of nie. Die hof wys daarop¹³¹ dat die *Clifford*-saak die beginsels aanvaar het wat in *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn*

¹²⁶ *Regent Insurance v King's Property* saak par 18.

¹²⁷ *Regent Insurance v King's Property* saak par 9.

¹²⁸ *Regent Insurance v King's Property* saak parr 3-4.

¹²⁹ *Regent Insurance v King's Property* saak par 17.

¹³⁰ 1998 4 SA 150 (A).

¹³¹ *Regent Insurance v King's Property* saak par 22.

*Municipality*¹³² neergelê is, deur te bevind dat die toets is of die redelike persoon sou oordeel dat die inligting redelik verbandhoudend tot die bepaling of beoordeling van die risiko is sodat dit aan die versekeraar openbaar moet word. Stander en Kloppers¹³³ wys vervolgens op die hof se stelling dat "die toets in die wetgewing wat op alle wanvoorstellings van toepassing is, is in ooreenstemming met die toets wat in die gemenereg by nie-openbaarmakings van toepassing was.¹³⁴ Die wetgewing stem dus nou ooreen met die gemenereg.¹³⁵

Die hof van appèl het verder ook verwys na die uitspraak in *Mahadeo v Dial Direct Insurance Ltd*¹³⁶ waar daardie hof bevestig het dat die toets in artikel 53 objektief is.¹³⁷ Die oogpunt van die redelike persoon bepaal of die inligting openbaar moes word – nie die oogpunt van die versekerde nie. Die vraag is of die redelike persoon sou oorweeg het om die feite te openbaar en dit as relevant vir die risiko sou beskou.¹³⁸ Die nie-openbaring van die feit dat die huurder met hoogs vlambare stowwe op die perseel werk, was wesenlik en die redelike persoon sou voorsien het dat die feit aan die versekeraar openbaar moes word, sodat die versekeraar die risiko sou kon bepaal.

Hierdie vasstelling moet onderskei word van die bepaling van die beweegrede. Die hof het bevind dat die toets vir die beweegrede subjektief is.¹³⁹ Was die

¹³² 1985 1 SA 419 (A).

¹³³ Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 10.

¹³⁴ Sien par 23 van *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 1 SA 419 (A) saak.

¹³⁵ *Regent Insurance v King's Property* saak par 22-23. Sien ook Van Niekerk (1999) *SAMLJ* 182.

¹³⁶ 2008 4 SA 80 (W).

¹³⁷ *Regent Insurance v King's Property* saak par 24.

¹³⁸ *Regent Insurance v King's Property* saak par 24.

¹³⁹ *Regent Insurance v King's Property* saak par 27. 'n Mens kan dus hiervan praat as "subjektiewe wesenlikheid". Sien Van Niekerk (1999) *SAMLJ* 182.

spesifieke versekeraar beweeg om die kontrak te sluit as gevolg van die versuim om 'n wesenlike feit te openbaar?¹⁴⁰ Die hof meen dat volgens die feite van die onderhawige saak die versekeraar duidelik beweeg was om die kontrak te sluit deur die nie-openbaring van die besigheid van die huurder van die gebou.¹⁴¹ Dus was die versekeraar geregtig om die eis van die hand te wys.

4.4 Samevatting

Wanneer daar 'n na-kontrak openbaringklousule in 'n kontrak opgeneem is, moet die klousule self ontleed word om te bepaal wat as wesenlik geag moet word. As die bepaling self nie duidelikheid gee oor watter feite openbaar moet word nie, is dit my mening dat die elemente van wesenlikheid, objektiwiteit en die redelikepersoontoets weer ter sprake kom. In so 'n geval is my aanbeveling dat by die bepaling of feite wesenlik is, die objektiewe redelikepersoontoets gebruik moet word.¹⁴² Dit stem ooreen met artikels 53 en 59 van die *KTVW* en die *LTVW* onderskeidelik.¹⁴³ Die kern van die redelikepersoontoets is dat feite as wesenlik geag sal word as die redelike persoon (wat met dieselfde feite en omstandighede gekonfronteer is) die inligting as redelik verbandhoudend tot die beoordeling van die risiko sou oordeel. Die redelike persoon sou tot die gevolgtrekking kom dat

¹⁴⁰ *Regent Insurance v King's Property* saak par 27.

¹⁴¹ *Regent Insurance v King's Property* saak par 43. Maw, deur die nie-openbaring het die versekeraar geen suspisie of gedagte gehad dat 'n groter risiko as die normale ter sprake is nie.

¹⁴² Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 13 ev noem en bespreek ook die sake van *Fourie v Sentrasure Bpk* 1997 4 SA 950 (NK), *Bruwer v Nova Risk Partners Ltd* 2011 1 SA 234 (GSJ) en *Jerrier v Outsurance Insurance Co Ltd* 2015 5 SA 433 (KZP). Hulle wys daarop dat al hierdie sake aanduidend is van 'n neiging na die objektiewe toets en ook aanduidend is van 'n teenoorgestelde standpunt as dié ingeneem in *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society* 1993 1 SA 69 (A) met sy subjektiewe toets. Ek stem saam.

¹⁴³ Church (2013) *De Jure* 862. Sien ook Van Niekerk (2011) *SAMLJ* 144. Hierdie artikels is relevant by 'n voorstelling of nie-openbaring na kontraksluiting.

die inligting wesenlik is in die sin dat dit aan die versekeraar openbaar moet word omdat dit sy besluit kan beïnvloed.

Dit staan dus in hierdie stadium vas dat as daar geen kontraksklousule vir openbaring na kontraksluiting opgeneem is nie, geen openbaring nodig is nie. Dit is egter my persepsie dat daar omstandighede kan bestaan waar "veranderings" ten opsigte van die omskrewe risiko kan voorkom, sonder dat die versekeraar daaroor ingelig hoef te word, selfs al is die versekerde duidelik bewus daarvan of selfs as hy dit self bewerkstellig het. My aanvoeling is dat daar in omstandighede tog 'n mate van billikheid en kontraktuele geregtigheid afstand gedoen word. As die betrokke klousule nie in die kontrak is nie, hoef die versekerde gevolglik nie die versekeraar in kennis te stel van enige feite wat die risiko verhoog nie. Daar is wel kwalifikasies wat hieronder verduidelik word. Behalwe daarvoor kan dit moontlik in gevalle regverdig wees om te konkludeer dat billikheid nie geseëvier het nie.

Daar word baie kortliks na hierdie aspek vereis. 'n Aanbeveling en motivering sal na 'n ondersoek van die regsposisie in die Verenigde State van Amerika en Australië geformuleer word.

5 Openbaring na kontraksluiting sonder 'n klousule

Die feit dat die versekeringskontrak nie 'n openbaringsklousule bevat nie, verander uit die aard van die saak die hele posisie met verwysing na die openbaringsplig van die versekerde en die aanspreeklikheid van die versekeraar, soos hierbo uiteengesit.

Die algemene reël in die Suid-Afrikaanse versekeringsreg is dat daar geen algemene openbaringsplig op die versekerde rus na sluiting van die versekeringskontrak nie.¹⁴⁴ As daar nie 'n openbaringsklousule in die kontrak ingeskryf is nie, sal die algemene reël geld. Hier word weer verwys na die praktiese voorbeeld in hoofstuk een hierbo. Soms tree 'n verhoging van die risiko in, maar die versekerde hoef niks te openbaar nie omdat die verhoging nie die risiko wesenlik verander nie. Die reëls by die verandering van die risiko is baie kortliks die volgende:¹⁴⁵ Eerstens, as die risiko so 'n verandering ondergaan dat dit dan inderdaad 'n ander risiko is as wat in die kontrak omskryf is en wat die versekeraar aan die begin onderneem het, sal die versekeraar nie aanspreeklik wees nie. Tweedens, as die verandering daarin lê dat 'n onbenullige verhoging ingetree het, sal die versekeraar steeds aanspreeklik wees, want die risiko is weliswaar dieselfde as wat in die kontrak beskryf is. Openbaring daarvan deur die versekerde is derhalwe nie relevant nie.

Dit laat die vraag ontstaan of, as omstandighede bestaan waar die risiko aansienlik verhoog sonder om die risiko te verander, 'n openbaringsplig nie behoort te bestaan nie? Vir hierdie situasie maak die reëls ten opsigte van "verandering van die risiko" myns insiens nie voldoende voorsiening nie. Ek stem

¹⁴⁴ Sien weer par 2.3.1.

¹⁴⁵ Reinecke, Van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law* 245; Davis *Gordon & Getz: Insurance* 178.

saam met Stander en Kloppers dat hierdie aangeleentheid in sulke omstandighede tog ondersoek behoort te word – enersyds ter wille van goeie trou, maar andersyds ook ter wille van billikheid.¹⁴⁶

Die bedoeling is nie dat daar vervolgens van versekeringsmaatskappye verwag moet word om 'n openbaringsklousule (met gepaardgaande interpretasie probleme en -geskille) in elke verskeringskontrak in te lyf nie. As uiteindelik bevind sou word dat 'n voortdurende openbaringsplig gewens is, kan die wetgewer volgens my die openbaringsvereiste na kontraksluiting binne reeds bestaande wetgewing promulgeer. Vir hierdie doeleindes sal dit baat om na buitelandse reg te verwys.¹⁴⁷ Daar sal nou afsonderlik en kortliks na twee ander regstelsels verwys word om te bepaal wat die benadering in hierdie jurisdiksies is en of dit moontlik 'n meer billike oplossing bied. Waarom hierdie jurisdiksies gebruik word, is hierbo in hoofstuk een verduidelik.

¹⁴⁶ Stander en Kloppers "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 20, 23-25, 28.

¹⁴⁷ Sien bv a 39 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. In meer besonder moet a 39(1)(b) en (c) geraadpleeg word. Die aa lees as volg: "39 (1)
(b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem; en
(c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem."

6 Die regsposisie in Australië¹⁴⁸

Die wet wat Australië se versekeringskontrakte reguleer, is die *Insurance Contract Act*.¹⁴⁹ Met die skryf van die *IC-wet* het die wetgewer gepoog om 'n regverdige en gelyke balans tussen die belanghebbende partye te skep.¹⁵⁰ Die werkswyse sal ook in hierdie geval wees om eerstens die openbaringsplig vóór sluiting en tweedens ná sluiting van die versekeringskontrak onder oë te neem.

6.1 Die openbaringsplig voor kontraksluiting

In Australië word die benadering gevolg dat versekeringskontrakte kontrakte van hoogste goeie trou (*uberrimae fidei*) is en dit is hierdie aspek wat dit van ander kontrakte onderskei (dus 'n *essentialium*).¹⁵¹ Hierdie plig tot *uberrima fides* word statutêr op al die partye tot die versekeringskontrak geplaas.¹⁵² Indien die plig nie nagekom word nie (behalwe dat die bepaling van die wet nie nagekom nie),¹⁵³ is die gevolg vernietigbaarheid van die kontrak.¹⁵⁴

¹⁴⁸ Dit moet beklemtoon word dat daar slegs na die federale regspraak en wetgewing van hierdie jurisdiksie verwys sal word. Australië is (anders as in Suid-Afrika waar die land in provinsies opgedeel is) in state opgedeel. Hierdie state funksioneer in 'n sekere sin onafhanklik van mekaar, behalwe ten opsigte van nasionale aangeleenthede waar die state en inwoners van die state steeds aan federale wetgewing gebonde is. Die Australiese versekeringswet is 'n federale wet.

¹⁴⁹ Van 1984. Hierna slegs verwys as die *IC-wet*. Sien Haas *ea* 2014 *The Law Handbook: Your Practical Guide to Law in New South Wales* 1030; Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 171.

¹⁵⁰ Aanhef van die *IC-wet*. Sien ook Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 171.

¹⁵¹ Artikel 13(1) van die *IC-wet*. Sien ook Havenga 1996 *SAMLJ* 75; Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China* 10; Haas *ea* 2014 *The Law Handbook: Your Practical Guide to Law in New South Wales* 1031; Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 183.

¹⁵² Artikel 13(1) van die *IC-wet*. Sien ook Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 183.

¹⁵³ Artikel 13(2) van die *IC-wet*. Sien ook Haas *ea* 2014 *The Law Handbook: Your Practical Guide To Law in New South Wales* 1031-1032; Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 183.

¹⁵⁴ *Stealth Enterprises Pty Ltd tas The Gentlemen's Club v Calliden Insurance Ltd* 2015 NSWSC 1270 WL 5158478 p6. Sien ook Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a*

Ten spyte van die *uberrima fides*-vereiste¹⁵⁵ bepaal artikel 21(1) van die *IC-wet* boonop dat die partye tot 'n versekeringskontrak 'n openbaringsplig reeds voor kontraksluiting het.¹⁵⁶ Die betrokke partye se openbaringsplig hou in dat alle wesenlike inligting binne hul kennis openbaar moet word.¹⁵⁷ Die fokus is vervolgens slegs op die openbaringsplig van die versekerde. Artikel 21(1)(a) van die *IC-wet* bepaal dat die versekerde alle inligting wat hy as wesenlik ag, moet openbaar om só die versekeraar in staat te stel om die risiko vas te stel.¹⁵⁸ Met die eerste oogopslag klink hierdie toets min of meer soos die redelikepersoon-toets van Suid-Afrika. Hoe die genoemde wesenlikheid bepaal word, sal egter die deurslag gee.

6.1.1 Die "relevansie"-toets¹⁵⁹

Artikel 21(1)(b) van die *IC-wet* stel die toets daar om te bepaal of inligting wesenlik is en dusdoende as relevant openbaar moet word. Die toets behels dat

comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China 14.

¹⁵⁵ Sien bv Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China* 11; Haas ea 2014 *The Law Handbook: Your Practical Guide To Law in New South Wales* 1032.

¹⁵⁶ Sien ook *Stealth Enterprises Pty Ltd tas The Gentlemans Club v Calliden Insurance Ltd* 2015 NSWSC 1270 WL 5158478 p6; *Mayne Nickless Ltd v Pegler* [1974] 1 NSW LR 228; *Permanent Trustee Australia Ltd v FAI General Insurance Co Ltd* 1998 151 ALR 529; Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China* 16-17; Haas ea 2014 *The Law Handbook: Your Practical Guide To Law in New South Wales* 1032; Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 183.

¹⁵⁷ Artikel 21(1) van die *IC-wet*. Sien ook *Stealth Enterprises Pty Ltd tas The Gentlemans Club v Calliden Insurance Ltd* 2015 NSWSC 1270 WL 5158478 p6; *Mayne Nickless Ltd v Pegler* [1974] 1 NSW LR 228; *Permanent Trustee Australia Ltd v FAI General Insurance Co Ltd* 1998 151 ALR 529; Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China* 16-17; Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 184.

¹⁵⁸ *Stealth Enterprises Pty Ltd tas The Gentlemans Club v Calliden Insurance Ltd* 2015 NSWSC 1270 WL 5158478 p6. Sien ook Luxford 2012 *Australian Law and Practise* 184.

¹⁵⁹ In ander woorde, die wesenlikheidstoets.

die versekerde verplig is om voor kontraksluiting enige aangeleentheid aan die versekeraar bekend te maak wat aan die versekerde bekend is en wat die versekerde weet dat dit 'n aangeleentheid is wat van belang is vir die versekeraar se besluit om die risiko te aanvaar en, indien wel, op watter voorwaardes.

Die artikel gaan nietemin verder en bepaal ook dat die versekerde enige aangeleentheid aan die versekeraar bekend moet maak wat van 'n redelike persoon in die omstandighede verwag kan word om te weet dat dit relevant is, met inagneming van faktore wat insluit, maar nie beperk is nie tot (i) die aard en omvang van die versekeringsdekking wat onder die toepaslike versekeringskontrak voorsien moet word; en (ii) die klas persone wat gewoonlik verwag word om aansoek te doen vir versekeringsdekking van daardie soort.¹⁶⁰

¹⁶⁰ Artikel 21(1)(b)(i) en (ii) van die *IC-wet*. Die genoemde artikels lees soos volg:

- (1) Subject to this Act, an insured has a duty to disclose to the insurer, before the relevant contract of insurance is entered into, every matter that is known to the insured, being a matter that:
- (a) the insured knows to be a matter relevant to the decision of the insurer whether to accept the risk and, if so, on what terms; or
 - (b) a reasonable person in the circumstances could be expected to know to be a matter so relevant, having regard to factors including, but not limited to:
 - (i) the nature and extent of the insurance cover to be provided under the relevant contract of insurance; and
 - (ii) the class of persons who would ordinarily be expected to apply for insurance cover of that kind."

Sien ook *Qbe Insurance Ltd v Giampaolo*, [1993] ACTSC 106 (1993) WL 13710016 p21. Voor die inwerktrede van die *IC-wet* het die hof twee toetse gebruik om te bepaal of die inligting geopenbaar moes word. Eerstens het hulle die *Prudent Insurer*-toets gebruik wat behels het dat alle inligting geopenbaar moet word (soos 'n redelike persoon) om die redelike versekeraar in staat te stel om die risiko vas te stel en tot die besluit te kan kom of hy die risiko wil aanneem. Tweedens, sou hulle steeds nie 'n antwoord gekry het nie, het hulle dan eers oorgeskuif na 'n toepassing van die redelikepersoonstoets. Die redelikepersoonstoets werk dieselfde as in Suid-Afrika (sien par 2.2.2 hierbo). In die ontwikkeling van regspraak en van die *IC-wet* het die *Australian Law Reform Commission* (hierna slegs verwys as die *ALRC*) *Report 20* besluit om van die *prudent insurer*-toets afstand te doen en die redelikepersoonstoets aan te neem as die enigste toets om te besluit of die inligting as wesenlik beskou kan word, en dus geopenbaar moes word. Sien Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China* 26.

Daar is geen uitdruklike vermelding van die feit dat die versekeraar deur die feite wat die versekerde wel openbaar het – of nie openbaar het nie – beweeg is om die kontrak te sluit nie.

6.1.2 Inligting wat openbaar moet word

Die artikel bepaal ook dat inligting wat die risiko verminder¹⁶¹ of inligting wat algemene kennis is¹⁶² nie openbaar hoef te word nie.¹⁶³ Dieselfde geld ten opsigte van inligting wat die versekeraar behoort te weet.¹⁶⁴ Hierdie kennis sluit met ander woorde afgeleide kennis asook konstruktiewe kennis in. Soos gesien, is dit ook die geval in Suid-Afrika.

Indien dit sou gebeur dat die versekerde nie 'n antwoord op sekere vrae wil gee nie ('n antwoord op die vraag word oopgelaat),¹⁶⁵ of **ooglopend** die verkeerde of irrelevante antwoord gee¹⁶⁶, sal die gevolgtrekking gemaak word dat die versekeraar afstand gedoen het op nakoming deur die versekerde van die openbaringsplig wat op hom rus.¹⁶⁷ 'n Belangrike bepaling kom in artikel 21A voor. Dit bepaal kortliks dat as die versekeraar sekere vrae in die

¹⁶¹ Artikel 21(2)(a) van die *IC-wet*.

¹⁶² Artikel 21(2)(b) van die *IC-wet*.

¹⁶³ Artikel 21(2) van die *IC-wet*. Sien ook *Australian Casualty & Life Ltd v Hall* (1999) 151 FLR 360. Sien ook Haas *ea* 2014 *The Law Handbook: Your Practical Guide to Law in New South Wales* 1032.

¹⁶⁴ Artikel 21(2)(c) van die *IC-wet*. Sien ook *Qbe Insurance Ltd v Giampaolo*, [1993] ACTSC 106 (1993) WL 13710016 p21; *Australian Casualty & Life Ltd v Hall* (1999) 151 FLR 360.

¹⁶⁵ Artikel 21(3)(a) van die *IC-wet*.

¹⁶⁶ Artikel 21(3)(b) van die *IC-wet*.

¹⁶⁷ Artikel 21(3) van die *IC-wet*. Klaarblyklik word dan aangeneem dat as die versekeraar dit toegelaat het en steeds die versekeringskontrak aangegaan het, die versekeraar afstand gedoen het van die openbaringsplig. Die artikel lees soos volg:

Where a person:

(a) failed to answer; or

(b) gave an obviously incomplete or irrelevant answer to;

a question included in a proposal form about a matter, the insurer shall be deemed to have waived compliance with the duty of disclosure in relation to the matter.

versekeringskontrak gevra het en die versekerde het elke aangeleentheid openbaar wat aan hom bekend is en wat 'n redelike persoon in die omstandighede sou openbaar, het die versekerde sy openbaringsplig nagekom en hoef hy geen ander inligting te openbaar nie. Artikel 21A is net op versekeringskontrakte van toepassing wat vir die eerste keer aangegaan word,¹⁶⁸ terwyl artikel 21B op hernuwings toepassing vind.

¹⁶⁸ Artikel 21A van die *IC-wet*. Artikel 21A lees soos volg:

- (1) This section (artikel 21A) applies in relation to the original entering into of an eligible contract of insurance.

Note: This section does not apply in relation to the renewal, extension, reinstatement or variation of an eligible contract of insurance. Section 21B applies in relation to the renewal of an eligible contract of insurance.

Position of the insurer:

- (2) Before the contract is originally entered into, the insurer may (hy **mag** dus so versoek – dit is nie 'n moet nie) request the insured to answer one or more specific questions that are relevant to the decision of the insurer whether to accept the risk and, if so, on what terms.
- (3) If the insurer does not make a request in accordance with subsection (2), the insurer is taken to have waived compliance with the duty of disclosure in relation to the contract.
- (4) If the insurer:
- (a) makes a request in accordance with subsection (2); and
 - (b) requests the insured to disclose to the insurer any other matter that would be covered by the duty of disclosure in relation to the contract;
- then the insurer is taken to have waived compliance with the duty of disclosure in relation to that other matter.

Position of the insured:

- (5) If:
- (a) the insurer makes a request in accordance with subsection (2); and
 - (b) in answer to each specific question included in the request, the insured discloses each matter that:
 - (i) is known to the insured; and
 - (ii) a reasonable person in the circumstances could be expected to have disclosed in answer to that question;
- then the insured is taken to have complied with the duty of disclosure in relation to the contract. (Dit beteken hy hoef geen ander inligting te openbaar nie, al sou 'n redelike persoon meen daardie inligting is ook wesenlik. Dit is die effek van hierdie bepaling.)

Definition

- (6) In this section eligible contract of insurance means a contract of insurance that is specified in the regulations for the purposes of this section.

Volgens Australiese wetgewing is die teenwoordigheid van 'n versekerbare belang vir versekeringskontrakte nie 'n vereiste nie (a 16 van die *IC-wet*). Artikel 16 se bepalings is op

Kortliks plaas artikel 21B dieselfde verpligtinge op albei die versekerde en versekeraar soos in artikel 21A. Artikel 21B(3)¹⁶⁹ stel egter watter formaliteite nagekom moet word as die versekerde die versekeringskontrak wil hernu. Die oorblywende verpligtinge stem ooreen met die verpligtinge soos in artikel 21A gevind word.

6.1.3 Artikel 22-vereiste

Artikel 22 van die *IC-wet* lê 'n betekenisvolle verpligting op die versekeraar in voorkontraktuele verrigtinge. Die artikel lui soos volg:

(1) The insurer must, before a contract of insurance is entered into, clearly inform the insured in writing:

(a) of the general nature and effect of the duty of disclosure; and ... the insurer must give to the insured, with the acceptance ... a reminder notice stating that the duty of disclosure applies until the proposed or other contract is entered into ...¹⁷⁰

Die plig wat uit hierdie artikel voortspruit, het die gevolg dat indien die versekerde nie van die openbaringsplig in kennis gestel is nie, die versekeraar vervolgens nie

alle versekeringskontrakte van toepassing indien die ooreengekome risiko intree. Die voorwaarde is dat as 'n versekeringskontrak hernu word, moet alle wesenlike inligting weer geopenbaar word (a 18(1)(b) en a 18(2) van die *IC-wet*).

¹⁶⁹ Vir die leser se gerieflikheid word die relevantegedeelte van die artikel aangehaal. Artikel 21B(3) lees as volg: "(3) Before the contract is renewed, the insurer may do either or both of the following

things:

- (a) request the insured to answer one or more specific questions that are relevant to the decision of the insurer whether to accept the risk and, if so, on what terms;
- (b) give the insured a copy of any matter previously disclosed by the insured in relation to the contract and request the insured:
 - (i) to disclose to the insurer any change to that matter; or
 - (ii) to inform the insurer that there is no change to that matter."

¹⁷⁰ Vir doeleindes van hierdie navorsing is dit onnodig om die hele artikel aan te haal, en net die relevante gedeelte is aangedui.

aanspreeklikheid kan ontken nie. Die bewoording van artikel 22(1) het die implikasie dat die volle omvang van die openbaringsplig aan die versekerde gestel moet word, asook die gevolge indien hy nie die plig in *uberrima fides* nakom nie. Die vereiste moet skriftelik nagekom word en die artikel word baie streng deur die hof toegepas. In *Lumley General Insurance v Delphin*¹⁷¹ het die hof die versekeraar verhoed om aanspreeklikheid te ontken op grond daarvan dat die versekerde nie sy openbaringsplig nagekom het nie. Die hof het in hierdie saak gemotiveer dat die strenge nakoming van hierdie plig wat as 'n vereiste gestel word, duidelik blyk uit die bewoording van artikel 22 en veral die volgende twee sinsnede:

"... notice stating that the duty of disclosure applies until the proposed or other contract is entered into ..."

"... must ... clearly inform ... in writing"

6.1.4 Samevatting

Alle versekeringskontrakte¹⁷² in Australië word as *uberrimae fidei* gekenmerk. Dit verskil van Suid-Afrika waar versekeringskontrakte *bonae fidei* is. In hierdie stadium van die ondersoek is die submissie dat die regsposisie ten opsigte van die openbaringsplig en die toets vir wesenlikheid in Australië en van Suid-Afrika ooreenstem. Die openbaringsplig geld ook net tot kontraksluiting – dit is duidelik 'n voorkontraktuele openbaringsplig. 'n Groot verskil tussen die Australiese en die Suid-Afrikaanse versekeringsreg is egter dat die openbaringsplig in Suid-Afrika nie statutêr gereël word nie soos in artikels 21 en 22 van die *IC-Wet* nie. Dit is volgens my waar die meeste probleme rakende die openbaringsplig in die verlede in Suid-

¹⁷¹ (1990) 6 ANZ.

¹⁷² Ongeag hulle natuur en aard (langtermyn-, korttermyn-, sommeversekering of skadeversekering).

Afrika ontstaan het. Sou daar in Suid-Afrika ook 'n wetlike bepaling soos byvoorbeeld artikel 21A bestaan het, sou daar nie soveel hofsake oor die vrae in 'n versekeringskontrak en die beantwoording daarvan in die Suid-Afrikaanse howe wees nie.¹⁷³

Die posisie rondom die inligting wat die versekerde moet openbaar is nietemin soortgelyk aan dié van Suid-Afrika. Faktore wat ooreenstem, hoewel die bron verskil, is (1) kennis van die versekerde (werklik, afgelei, konstruktief); (2) wesenlikheid; (3) in die redelike persoon se oordeel; (4) in dieselfde omstandighede as die versekerde; (5) ten opsigte van die vraag of die versekeraar die risiko moet oorneem of nie, of op welke terme.

'n Aspek wat nie pertinent of uitdruklik in Australië beklemtoon word nie, is dat die versekeraar deur die nie-openbaring beweeg moes word om die kontrak te sluit, hoewel dit tog in die praktyk dít is wat getoets word. Selfs die faktore wat in artikel 21(2)(a)-(d) as nie nodig om openbaar te word nie, word ook in Suid-Afrika so erken. Dit is inligting

- (a) that diminishes the risk;
- (b) that is of common knowledge;
- (c) that the insurer knows or in the ordinary course of the insurer's business as an insurer ought to know; or
- (d) as to which compliance with the duty of disclosure is waived by the insurer.

Daar kan met veiligheid in hierdie stadium van die navorsing gekonkludeer word dat daar min onderskeid is tussen die Suid-Afrikaanse en die Australiese voorkontraktuele openbaringsplig is. Ten opsigte van openbaring na kontraksluiting, sal 'n bespreking van die Australiese versekeringsreg hierna volg.

¹⁷³ Sien bv *AA Mutual Life Assur Assoc Ltd v Singh* 1991 3 SA 514 (A); *De Waal NO v Metropolitan Lewens Bpk* 1994 1 SA 818 (O); *Certain Underwriters of Lloyds of London v Harrison* 2004 2 SA 446 (HHA); *Mahadeo v Dial Direct Ins Ltd* 2008 4 SA 80 (W).

6.2 Openbaring na sluiting van die kontrak

6.2.1 Inleiding

Skrywers soos Song¹⁷⁴ en Havenga¹⁷⁵ meen dat die posisie eenvoudiger op papier klink as wat dit regtig is. In die bespreking sal die rede vir die stelling aan die lig kom.

6.2.2 Uberrima fides-vereiste

Voor 'n diepgaande bespreking van die *uberrima fides*-vereiste aandag kan geniet, is 'n behoorlike verstaan daarvan van kardinale belang. Skrywers soos Lorenz¹⁷⁶ vat die kern van die beginsel kort en kragtig saam soos volg:

The principle of utmost good faith, expressed by the Latin maxim "*uberrima fidei*", meaning fullest confidence, originated from English insurance law and is regarded as a fundamental principle of insurance law in many jurisdictions around the world, whether civil or common law. However, the doctrine does not have the same meaning nor does it operate in the same way in each legal system in which it has been adopted. Also, in some jurisdictions, the principle of utmost good faith is not recognized. For example, the insurance law of some civil law countries refers instead to the civil law concept of "good faith".

The doctrine of utmost good faith requires that those involved in negotiations for an insurance contract must disclose all relevant information to all the other parties in the negotiation. **Originally, the common law duty of utmost good faith applied only at the pre-contractual stage. Nowadays, in**

¹⁷⁴ Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China* 28.

¹⁷⁵ Havenga 1996 *SAMLJ* 75.

¹⁷⁶ Di Lorenzo 2014 International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 4 (klem ingevoeg).

many jurisdictions that have adopted the principle of utmost good faith, it is a continuing duty that exists while the relationship between the insurer and the insured subsists and the application of the doctrine has been extended to the exercise of contractual rights and the processing of claims. In some of these jurisdictions, the duty of disclosure forms part of the principle of utmost good faith and thus, is indistinguishable, whereas in other jurisdictions it is a separate duty imposed on the insured by statute.

Uit die bogenoemde aanhaling, en ook uit die bespreking van die openbaringspilig in Suid-Afrika, is dit duidelik dat *uberrima fides* in sommige jurisdiksies 'n grondliggende beginsel van die versekeringsreg is en in ander jurisdiksies is goeie trou die vereiste vir elke kontrak – ook die versekeringskontrak.¹⁷⁷ Verder is dit van kardinale belang om altyd eers vas te stel watter benadering die jurisdiksie waarmee gewerk word, volg. Die 'n rede hiervoor is omdat daar in die jurisdiksies waar *uberrima fides* vereis word, ook verskillende benaderings is, in die sin dat die openbaringspilig in sommige van hierdie jurisdiksies van die *uberrima fides*-vereiste geskei is terwyl in ander nie geskei is nie.¹⁷⁸ In sommige van hierdie jurisdiksies vorm die verpligting tot openbaarmaking deel van die beginsel van uiters goeie trou en is dus ononderskeibaar, terwyl dit in ander jurisdiksies 'n afsonderlike reg is wat deur die wet aan die versekerde opgelê word.

¹⁷⁷ Soos reeds hierbo gemeld is, is Suid-Afrika 'n voorbeeld van so 'n jurisdiksie. Dit was egter nie altyd die posisie in Suid-Afrika nie. Die posisie het verander na die uitspraak in *Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 1 SA 419 (A) waar die regter beslis het dat *bona fides* by gewone kontrakte soos 'n koop en verkoop vereis word en weliswaar ook by versekeringskontrakte.

¹⁷⁸ Dit is een van die kernverskille tussen die VSA en Australië. In Australië word, hoewel *uberrima fides* as fundamentele beginsel erken word, die openbaringspilig deur wetgewing gereguleer en dusdoende van die *uberrima fides*-vereiste geskei, terwyl in die VSA dit nie die posisie is nie. Vir 'n bespreking van die regsposisie in die VSA sien hoofstuk 7 hieronder.

Daar is nou reeds daarop gewys dat die openbaringsplig soos in artikels 21 en 22 van die *IC-Wet* net voortduur tot sluiting van die versekeringskontrak.¹⁷⁹ Dit wil voorkom of aanvaar word dat as versekeringsmaatskappye in Australië wil hê die openbaringsplig ook na sluiting van die versekeringskontrakte moet voortbestaan, so 'n klousule in die versekeringskontrak ingeskryf moet word. Dit is egter my submissie dat 'n dieper ondersoek ten opsigte van die *IC-wet* se bepalings 'n persoon tot 'n ander gevolgtrekking kan lei. Die motivering vir so 'n standpunt volg hieronder.

Van belang ten opsigte van die nakontraksluitingsoptrede van die versekerde, is artikel 13 van die *IC-wet*. Artikel 13 lees soos volg:

(1) A contract of insurance is a contract based on the utmost good faith and there is implied in such a contract a provision requiring each party to it to act towards the other party, in respect of any matter arising under or in relation to it, with the utmost good faith.

(2) A failure by a party to a contract of insurance to comply with the provision implied in the contract by subsection (1) is a breach of the requirements of this Act ...

Daar moet derhalwe deurlopend in gedagte gehou word dat die versekeringskontrak in Australië as 'n kontrak van die "hoogste goeie trou" beskou word. Dit word bevestig deur artikel 13 wat bepaal dat die partye deurlopend aan hierdie plig van hoogste goeie trou gebonde is.¹⁸⁰ *Uberrima fides* bly dus **ook na kontraksluiting** voortbestaan en daarom is dit my submissie dat geargumenteer kan word dat die openbaringsplig na kontraksluiting bly voortbestaan. Dit is die natuurlike gevolg van artikel 13. Volgens my is die

¹⁷⁹ Sien die aanhaling in par 6.1.3 hierbo.

¹⁸⁰ Die afleiding word gemaak deur die sinsnede " ... in respect of any matter arising under or in relation to it, with the utmost good faith".

versekerde sowel as die versekeraar uit hoofde van die plig tot hoogste goeie trou, soos in artikel 13 bepaal en daarna verwys, dat alle wesenlike inligting ook na sluiting van die versekeringskontrak openbaar moet word.

6.2.3 Samevatting

Die *IC-wet* reguleer alle versekeringskontrakte in Australië. Versekeringskontrakte word in Australië erken as kontrakte *uberrimae fidei*. Dit word bevestig deur artikel 13 van die wet en beteken dat die versekeringskontrak 'n kontrak van hoogste goeie trou is. Australië gebruik ook hierdie beginsel om versekeringskontrakte van gewone kontrakte te onderskei.

Met die eerste oogopslag kom dit voor asof die openbaringsplig in Australië duur net tot en met die sluiting van die versekeringskontrak. Nietemin, indien die *IC-wet* dieper ontleed word, kan daar na my mening aangevoer word dat die openbaringsplig ook na sluiting van die kontrak bly voortbestaan. Dit vind plaas deur en is gegrond op die *uberrima fides*-vereiste. Daar moet tog 'n verskil wees tussen *bona fides* en *uberrima fides*, hoe onlogies dit ook al klink. Hoewel die argument bestaan dat daar nie grade van goeie trou kan wees nie, is dit nie die standpunt in Australië nie. Vir Australië is daar 'n verskil en daaraan moet gevolg gegee word. Die hoogste goeie trou word deur artikel 13 van die *IC-Wet* vir die hele tydperk wat die versekeringskontrak van krag is, verwag. Die *uberrima fides*-plig word deur wetgewing op al die partye tot die versekeringskontrak geplaas. Dit beteken noodwendig ook dat dieselfde wesenlikheidsvereiste en -toets toepassing sal vind.

In hierdie stadium is dit bygevolg moontlik om aan te voer dat die toepassing van die *uberrima fides*-vereiste in Australië in sekere opsigte 'n billiker uitkoms kan bewerkstellig en ook kontraktuele geregtigheid vir die versekerde sowel as die

versekeraar laat geskied. Die versekerde geniet myns insiens ook beter beskerming in Australië omrede die plig op die versekeraar is om die versekerde skriftelik in kennis te stel van die volle omvang van sy openbaringsplig.

Inaggenome artikel 22, saamgelees met artikel 13(1), word die submitisie vervolgens gemaak dat die openbaringsplig bly voortbestaan. Dieselfde toets vir wesenlikheid soos in artikel 21(1)(b) uiteengesit sal ook hier van toepassing wees. Die bespreking van die regsposisie van die Verenigde State van Amerika is volgende aan die beurt.

7 Die regsposisie in die Verenigde State van Amerika

Voor die regsposisie van die Verenigde State van Amerika¹⁸¹ uiteengesit kan word, moet weereens beklemtoon word dat daar slegs na die federale regspraak en wetgewing van hierdie jurisdiksie verwys sal word en dat die jurisdiksie bespreek word slegs vir doeleindes van vergelyking. Daar sal weliswaar baie kortliks na vier van die state van die VSA verwys word, bloot in 'n poging om 'n ingesteldheid of opvatting in die VSA aan te dui.¹⁸²

Behalwe vir sekere kenmerkende eienskappe, vind die gewone kontrakteregbeginsels by versekeringskontrakte aanwending.¹⁸³ Wat egter insiggewend is, is die feit dat wat veral die seeversekeringsreg betref, die VSA voor 1955 die Engelse seeversekeringsreg toegepas het.¹⁸⁴ Die posisie het egter verander toe die hof in *Wilburn Boat Co v Fireman's Fund Insurance Co*¹⁸⁵ beslis het dat die belange van nasionale eenvormigheid verg dat federale wetgewing ten opsigte van die versekeringsreg geskep moet word.¹⁸⁶ Nietemin, op hierdie tydstip was die *uberrima fides*-beginsel reeds in die VSA versekeringsreg gevestig. Die verpligting tot "hoogste goeie trou" het vir die eerste keer in 1828 na vore gekom toe die hof in die *M'Lanahan v Universal Ins Co*-saak¹⁸⁷ die plig soos volg omskryf het:

The contract of insurance has been said to be a contract *uberrimae fidei*, and the principles which govern it, are those of an enlightened moral policy. The

¹⁸¹ Hierna slegs verwys as die VSA.

¹⁸² Sien parr 7.2.2.1 en 7.2.2.2 vir die bespreking.

¹⁸³ Rible *United States Law and Practice* 205.

¹⁸⁴ In gevalle waar daar met maritieme versekeringsreg te make was. Sien *Queens Inc Co v Globe & Rutgers Fire Ins Co* 263 .S 487 (1924).

¹⁸⁵ 348 .S 310 (1955).

¹⁸⁶ Rible *United States Law and Practice* 205.

¹⁸⁷ 26 S 170 185 7 Ed 98, 105 (1828).

underwriter must be presumed to act upon the belief, that the party procuring insurance, is not, at the time, in possession of any facts, material to the risk which he does not disclose And even if there be no intentional fraud, still the underwriter has a right to a disclosure of all material facts, which it has in the power of the party to communicate by ordinary means; and the omission is fatal to the insurance.

Die VSA het nie wetgewing wat uitsluitlik hulle maritieme versekering reguleer nie. Dit is egter so dat die Engelse *Marine Insurance Act*¹⁸⁸ baie oortuigende en oorredende krag in die VSA howe het, vanweë die historiese bande met Groot Brittanje. Wat die VSA egter onderskei is die feit dat hulle baie sterk op hulle hofuitsprake steun. Dit is immers hoe die "federale wetgewing" van die VSA ontwikkel het.¹⁸⁹

In hierdie stadium is dit belangrik om daarop te wys dat die verskil tussen see- en nie-seeversekering in die VSA sterk beklemtoon word.¹⁹⁰ Dit is ook opvallend dat in die geval van seeversekering die openbaringsverpligting van die versekerde baie swaar op hom rus.¹⁹¹ In die geval van seeversekering word gestel dat die versekerde alle wesenlike inligting moet openbaar.¹⁹² Hierdie beginsel word ook baie streng ingevolge federale wetgewing toegepas.¹⁹³

Die werkswyse sal ook in hierdie geval wees om eerstens na die openbaringsplig vóór en daarna ná sluiting van die versekeringskontrak te kyk.

¹⁸⁸ Van 1906.

¹⁸⁹ *Wilburn Boat Co v Fireman's Fund Insurance Co* 348 S 310 (1955). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 206.

¹⁹⁰ Rible *United States Law and Practice* 206.

¹⁹¹ *Knight v US Fire Insurance Company* 804 F2d 9 (2d Circular 1986). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 206.

¹⁹² Rible *United States Law and Practice* 206.

¹⁹³ In die geval van seeversekering word die openbaringsplig baie strenger toegepas as in die geval van nie-seeversekering. Sien Rible *United States Law and Practice* 206.

7.1 Die openbaringsplig voor kontraksluiting

Daar moet van meet af kennis geneem word van die algemene reël in die gewone kontraktereg in die VSA dat daar nie 'n openbaringsplig op kontrakspartye rus nie. Daar is wel uitsonderings op hierdie algemene reël.¹⁹⁴ Een van hierdie uitsonderings het te make met die spesifieke kenmerke van 'n versekeringskontrak. Ook in die VSA is een so 'n kenmerkende eienskap die openbaringsplig. Die volgende stap is dan om die maatstaf te identifiseer wat deur die howe geïmplementeer word om vas te stel of inligting as wesenlik beskou kan word.

7.1.1 Uberrima fides-vereiste

Net soos in Australië word versekeringskontrakte (en daarom ook seeversekeringskontrakte) in die VSA as kontrakte *uberrimae fidei* bestempel.¹⁹⁵ Die versekeraar maak gevolglik staat op die openbaring deur die versekerde van alle wesenlike inligting in hoogste goeie trou.¹⁹⁶ Hierdie verpligting rus (weereens) op albei die betrokke partye.¹⁹⁷ Hulle moet in die prekontraktuele stadium in hoogste goeie trou teenoor mekaar optree.¹⁹⁸ Die openbaringsplig duur egter net totdat die versekeringskontrak gesluit is.¹⁹⁹

Soms gebeur dit dat die versekerde addisionele versekeringsdekking benodig terwyl sy versekeringskontrak van krag is, of dat enige ander wysiging nodig is. Sodra die moontlikheid bestaan dat enige wysiging aan die kontrak aangebring

¹⁹⁴ Die rede waarom hierdie aspek so vroeg reeds gestel is, sal later aan die lig kom.

¹⁹⁵ Hieruit kan die afleiding met veiligheid gemaak word waarom daar tussen see- en nie-seeversekering onderskei moet word. Sien Rible *United States Law and Practice* 206-207.

¹⁹⁶ Rible *United States Law and Practice* 206.

¹⁹⁷ Rible *United States Law and Practice* 207.

¹⁹⁸ Rible *United States Law and Practice* 207.

¹⁹⁹ Rible *United States Law and Practice* 207.

gaan word, herlewe die openbaringsplig weer totdat die wysiging deur albei partye aanvaar is.²⁰⁰

7.1.2 Wesenlikheid as vereiste

Die versekerde moet alle inligting wat hy as wesenlik ag, openbaar.²⁰¹ Die motivering is die feit dat die versekerde kennis dra van sekere inligting.²⁰² Die VSA volg tot 'n mate die redelikepersoontoets om wesenlikheid te bepaal.²⁰³ Die verpligting om wesenlike inligting te openbaar vloei dan voort uit die fundamentele beginsel van hoogste goeie trou.²⁰⁴ Teen hierdie vereiste kyk die hof of die inligting wat nie openbaar is nie, wesenlik was of nie.²⁰⁵ Netsoos in die Suid-Afrikaanse versekeringsreg word dan bepaal of die inligting wat inderdaad openbaar was (of nie) die versekeraar beweeg het om die risiko aan te neem.²⁰⁶

Alle wesenlike inligting wat die risiko kan beïnvloed, moet derhalwe openbaar word.²⁰⁷

7.1.3 Redelikepersoontoets

Ook in die VSA pas die howe 'n objektiewe standaard van openbaarmaking toe en dit wat die versekerde self besef het, is nie noodwendig deurslaggewend vir die howe nie. Die toets wat die howe gebruik word ook as die redelike persoon-

²⁰⁰ *Intermetal Mexicana SA v Insurance Co of N Am* 866 (3rd Cir 1989); *Am Home Assur Co v Masters Ship Management SA* 423 F 193 (SDNY 2006). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 207.

²⁰¹ Rible *United States Law and Practice* 207.

²⁰² Rible *United States Law and Practice* 208.

²⁰³ Indien die versekerde self besef dat die nie-openbaring van inligting wesenlik is, is nie die toets wat die deurslag aan die howe gaan verskaf nie.

²⁰⁴ Rible *United States Law and Practice* 207-208.

²⁰⁵ Rible *United States Law and Practice* 207-208.

²⁰⁶ Rible *United States Law and Practice* 207-208.

²⁰⁷ Rible *United States Law and Practice* 208.

toets gekenmerk. Die hof in die *Knight v US Fire Insurance Co*-saak²⁰⁸ het die toets soos volg omskryf:²⁰⁹

Whether a reasonable person in the assureds position would know that the particular fact is material.

Die verpligting rus op die versekerde om alle wesenlike inligting wat die risiko kan beïnvloed, te openbaar soos wat 'n redelike persoon sou doen.²¹⁰ Die openbaarmakingsplig word so streng toegepas dat **"this duty to disclose applies even where no inquiry has been made."**²¹¹ Indien dit gebeur dat die versekerde versuim om daardie inligting of feite te openbaar, kan die versekeringskontrak as vernietigbaar bestempel word.²¹² Daar is gesag in die VSA dat dit nie saak maak dat die versuim plaasgevind het as gevolg van opset, nalatigheid, foutiewelik of per ongeluk nie.²¹³ Bygevolg, indien enige wesenlike inligting nie openbaar is nie, ongeag die motivering daarvoor, sal die versekeringskontrak as vernietigbaar bestempel word.

Daar word ook nie na die versekeraar se bedoeling gekyk toe hy die versekeringskontrak opgestel het nie. Vir die wesenlikheid van die inligting word deurgaans objektief beoordeel.²¹⁴ Volgens Rible is daar nog nie 'n konkrete definisie deur die Amerikaanse howe neergelê van wat as wesenlik bestempel kan

²⁰⁸ 804 F 2d 9 (2nd Cir 1986).

²⁰⁹ *Knight v US Fire Insurance Co* 804 F 2d 13 (2nd Cir 1986).

²¹⁰ *St Paul Fire & marine Insurance Co v Halifax Trawlers Inc* 495 F Supp 2d 232 (D Mass 2007). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 208.

²¹¹ *Grande v St Paul Fire & Marine Insurance Co* 436 F3d 277 283 (1st Cir 2006). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 208.

²¹² *Gulfstream Cargo v Reliance Insurance Co* 409 F 2d 974 (5th Cir 1969). Sien ook *Compagnie de Reassurance d'Ile de France v New England Reinsurance Corporation* 944 F Supp 986 933 (D Mass 1996). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 208.

²¹³ *Thebes Shipping Inc v Assicurazioni Ausonia SpA* 599 F Supp 405 (SDNY 1984). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 208.

²¹⁴ Rible *United States Law and Practice* 208.

word nie. Al wat duidelik wel uit die regspraak blyk – soos uit die saak van *Btesh v Royal Insurance Co*²¹⁵ – is dat die inligting wesenlik is as dit so deur die redelike persoon beoordeel word en die versekeraar beweeg het om die risiko aan te neem, of om op sekere terme ooreen te kom in die neem van die risiko. Wanneer alle faktore egter in ag geneem word, is daar volgens my beskeie opinie nie veel verskil tussen die toetse in Suid-Afrika en Australië nie.

Die onus rus op die versekeraar om te bewys dat hy staat gemaak het op die inligting wat aan hom verskaf is.²¹⁶

7.1.4 Versekerbare belang

Versekerbare belang maak 'n belangrike deel van die VSA se seeversekering uit. Die kwessie of 'n versekerde versekerbare belang het, moet afsonderlik van die versekeringskontrak bepaal word.²¹⁷ Dit is nie 'n vereiste dat die versekerde die eienaar van die eiendom moet wees nie.²¹⁸ Hy moet net die hof kan oortuig dat hy 'n ekonomiese belang in die eiendom het.²¹⁹

Die hof het in die *Groban v The SS Pegu*-saak²²⁰ die begrip versekerbare belang bondig saamgevat as²²¹

(A)ny person has an insurable interest in property, by the existence of which he will gain an advantage, or by the destruction of which he will suffer a loss, whether he has or has not any title in, or lien upon, or possession of the property itself.

²¹⁵ 49 F 2d 720 (2nd Cir 1931). Sien ook Ribble *United States Law and Practice* 208.

²¹⁶ Ribble *United States Law and Practice* 208.

²¹⁷ Ribble *United States Law and Practice* 211.

²¹⁸ Ribble *United States Law and Practice* 211.

²¹⁹ Ribble *United States Law and Practice* 211.

²²⁰ 331F Supp 883 (SDNY 1971).

²²¹ *Groban v The SS Pegu* 331 F Supp 883 (SDNY 1971).

Dus bestaan daar 'n openbaringsplig in Amerika. Die plig duur voort tot kontraksluiting. Indien die versekerde enigsins enige fout maak om wesenlike inligting nie te openbaar nie, sal die kontrak as vernietigbaar bestempel word.

7.2 Openbaring na sluiting van die kontrak

Om die vraag te beantwoord of die openbaringsplig bly voortbestaan ook na sluiting van die versekeringskontrak, sal dit nodig wees om verskeie hofsake te raadpleeg.²²² Daar sal ook na die benadering in enkele state van die VSA gekyk word om 'n moontlike lyn te trek wat die neiging of benadering regdeur die VSA is.

7.2.1 Inleiding

Daar is reeds in paragraaf 7.1 vasgestel dat die openbaringsplig slegs duur tot kontraksluiting. Die kwessie wat waarskynlik ook in die geval van die VSA bepalend gaan wees ten opsigte van die gestelde vraag tans onder bespreking, is die teenwoordigheid van die *uberrima fides*-vereiste.

Derhalwe moet daar na my mening vasgestel word hoe ver die plig tot hoogste goeie trou tussen die betrokke partye strek. As dit vasgestel is, sal ondersoek ingestel word na die nakontraktuele openbaring. Indien so plig inderdaad bestaan, sal die wesenlikheid van die inligting na kontraksluiting laastens vasgestel word. Daarna volg 'n kort samevatting.

²²² Soos reeds bevestig, vorm die regspraak die VSA se federale wetgewing.

7.2.2 Duur van die *uberrima fides*-plig

Vir hierdie doeleindes (vasstelling van die duur van die *uberrima fides*-plig) sal na die posisie in enkele van die state van die VSA gekyk word²²³ en daarna sal federale wetgewing geraadpleeg word. In fokus is die omskrywing van *uberrima fides*, die vraag of die staat se versekeringsreg of statutêre reg voorsiening vir *uberrima fides* asook 'n openbaringsplig maak en of die twee pligte van mekaar geskei kan word. Ten slotte sal gekyk word of die twee genoemde pligte op partye rus vir die hele duur van die kontrak.

7.2.2.1 Kalifornië

In Kalifornië is die vereiste van *uberrima fides* gekodifiseer, maar geld dit slegs vir seeversekering en herversekering.²²⁴ Kortliks bepaal §1900(b) dat 'n versekerde 'n plig van hoogste goeie trou het om alle wesenlike inligting aan die versekeraar te openbaar.²²⁵ Indien die versekerde deur 'n doen of late versuim om wesenlike inligting op so 'n wyse te openbaar, sal die versekeringskontrak as vernietigbaar bestempel word.²²⁶ In seeversekeringskontrakte is hoogste goeie trou dan weliswaar die standaard waarteen die optrede van die kontrakspartye gemeet word²²⁷ en die openbaringsplig vloei voort uit hierdie standaard.²²⁸ Gevolglik kan met veiligheid aanvaar word dat solank as wat hoogste goeie trou

²²³ Ter wille van die omvang van die skripsie word baie kortliks net na Kalifornië, Massachusetts, New York en New Jersey verwys. Die rede hiervoor is omdat al die genoemde state oor 'n hawe beskik en dus maak dit die verwysing net meer relevant.

²²⁴ Weissman 2014 "USA California" 180.

²²⁵ *California Insurance Code* 1900(b). Hierna verwys as slegs die *CI-Code*. Sien ook Weissman 2014 "USA California" 180.

²²⁶ *Reliance Insurance Co v McGrath Inc* 671 F Supp 2d 669 (ND Cal 1987). Sien ook Weissman 2014 "USA California" 180.

²²⁷ Weissman 2014 "USA California" 180.

²²⁸ Weissman 2014 "USA California" 180.

'n vereiste is, sal die openbaringsplig ná kontraksluiting ook van toepassing sal wees, soos wat my benadering ook ten opsigte van die Australiese reg is.

Daarbenewens skep §332 van die *CI-Code* 'n aparte openbaringsplig. Hierdie plig is op albei die partye van toepassing en hou in dat die kontrakspartye alle wesenlike inligting aan mekaar moet kommunikeer.²²⁹ In hierdie staat word dan onderskei tussen *uberrima fides* en die openbaringsplig voor kontraksluiting, maar dit is voor die hand liggend dat die laasgenoemde op die eersgenoemde berus. Relevant in hierdie opsig is die saak van *Cigna Property & Cas Insurance v Polaris Pictures*.²³⁰ In dié saak het die hof bepaal dat die openbaringsplig voortvloei uit die *uberrima fides*-vereiste en dat dit inhou dat die versekerde deurentyd die hoogste goeie trou moet handhaaf;²³¹ myns insiens dus ook na kontraksluiting. Dit is volgens my die logiese konsekwensie.

Om saam te vat kan daar aanvaar word dat die openbaringsplig van krag bly, as logiese uitvloeisel van die vereiste dat die betrokke partye deurentyd *uberrima fides* moet handhaaf.

7.2.2.2 Massachusetts, New York en New Jersey

Ook in Massachusetts word die *uberrima fides*-vereiste slegs in beperkte gevalle vereis.²³² Weer eens word hierdie vereiste slegs by seeversekeringskontrakte en herversekering toegepas.²³³ Die howe pas die *uberrima fides*-vereiste op so wyse

²²⁹ §332 van die *California Insurance Code*. Sien ook Weissman 2014 "USA California" 180.

²³⁰ 159 F.3d 412 (9th Cir 1998). Sien ook Weissman 2014 "USA California" 181.

²³¹ *Cigna Property & Cas Insurance v Polaris Pictures* 159 F.3d 412 (9th Cir 1998). Sien ook Weissman 2014 "USA California" 180.

²³² Levin en Bange 2014 "USA Massachusetts" 189.

²³³ Levin en Bange 2014 "USA Massachusetts" 190.

toe dat dit die voorkontraktuele openbaringsplig insluit.²³⁴ Die twee vereistes word nie, soos in Kalifornië, uitdruklik onderskei nie.²³⁵

Die plig tot *uberrima fides* is nie net van toepassing tot op die tydstip van kontraksluiting nie, maar ook vir die hele duur wat die versekeringskontrak van krag is. Die submissie is vervolgens dat die openbaringsplig ook van toepassing is ná kontraksluiting. Weer is die motivering die feit dat die openbaringsplig uit die *uberrima fides*-vereiste voortvloei.

New Jersey²³⁶ en New York²³⁷ volg dieselfde benadering. Daar word nie uitdruklik onderskei tussen die voorkontraktuele openbaringsplig en *uberrima fides*-vereiste nie. Die openbaringsplig voor kontraksluiting vloei voort uit die plig tot *uberrima fides*. Omdat *uberrima fides* vir die duur van die kontrak vereis word, volg dit myns insiens logies dat wesenlike inligting ook na sluiting van die kontrak openbaar moet word.

7.2.3 VSA (Federale reg)

Dit word algemeen aanvaar dat die openbaringsplig slegs duur tot die oomblik wanneer die versekeringskontrak gesluit is. Ten opsigte van 'n openbaring ná kontraksluiting, moet erken word dat daar geen so 'n uitdruklike verpligting geformuleer is nie. Op sy eie gesien, is daar nie so 'n onafhanklike verpligting nie. Myns insiens bestaan 'n geïmpliseerde openbaringsplig wel.

²³⁴ *Commercial Union Insurance Co v Pesante*, 459 F.3d 34, 37-38 (1st Cir 2006). Sien ook *Compagnie de Reassurance d'Ile de France v New England Reinsurance Corporation* 944 F Supp 986 933 (D. Mass 1996); Levin en Bange 2014 "USA Massachusetts" 189.

²³⁵ Levin en Bange 2014 "USA Massachusetts" 189.

²³⁶ Kroeger en Guenther 2014 "USA New Jersey" 198-200.

²³⁷ Rabinowitz 2014 "USA New York" 201-204.

As voortvloeisel van die *uberrima fides*-plig, is die regsposisie anders. Volgens die federale reg is *uberrima fides* 'n vereiste by seeversekeringskontrakte. Die vereiste geld vir albei die partye tot die versekeringskontrak voor en na sluiting van die kontrak. Kortliks vereis die plig dat die partye tot die versekeringskontrak ten alle tye wat die versekeringskontrak van krag is, in hoogste goeie trou teenoor mekaar optree – nie slegs in goeie trou nie, maar beslis iets meer as net gewone *bona fides*. So iets word in die VSA erken. Dit impliseer dus dat alle wesentliche inligting na kontraksluiting ook openbaar moet word. Dus, as die openbaringsplig nie van die *uberrima fides*-vereiste geskei word nie, kan geargumenteer word dat die openbaringsplig indirek bly voortbestaan. Albei partye het dan 'n plig om deurentyd in die hoogste goeie trou alle wesentliche inligting teenoor mekaar te openbaar.

7.2.4 Samevatting

Soos in paragraaf 7.1 bespreek, word die redelikepersoontoets gebruik om te bepaal of inligting as wesentlik bestempel kan word. Die standpunt in die VSA is dat dieselfde toets ook by nakontraktuele openbaring geld.²³⁸ Die VSA het nie spesifieke wetgewing wat algemene versekeringskontrakte reguleer nie. Die VSA se versekeringsreg is basies gevorm uit regspraak; dus basies presedente wat oor die jare heen geskep is. Die VSA en Australië se benadering tot versekeringskontrakte is baie soortgelyk. Een van die redes kan aan die Engelse *common law* toegeskryf word en meer spesifiek na die voorbeeld en toepassing van die *Marine Insurance Act* van 1906. Albei die jurisdiksies se

²³⁸ Sien parr 7.2.2 en 7.2.3.

seeversekeringsreg het daaruit ontwikkel. Die *Marine Insurance Act* dra steeds in die jurisdiksies groot oortuigende krag.²³⁹

In die VSA is die openbaringsplig *per se* net van toepassing tot en met kontraksluiting. Daar is geen statutêre openbaringsplig ná kontraksluiting nie, maar sodra die kontrak gesluit is, geld die plig tot *uberrima fides*. Dus is dit na my mening korrek om te sê dat die openbaringsplig nie van die *uberrima fides*-plig geskei word nie. Nogtans duur die openbaringsplig voort solank as wat die versekeringskontrak van krag is.

Volgende aan die beurt is 'n samevatting ten opsigte van die verskillende jurisdiksies. Daar sal ook 'n gevolgtrekking en aanbevelings gemaak word.

²³⁹ *Queens Inc Co v Globe & Rutgers Fire Insurance Company* 263 US (1924). Sien ook Rible *United States Law and Practice* 205.

8 Gevolgtrekking en aanbevelings

In Suid-Afrika is die risikovereiste onteenseglik 'n essensiële kenmerk van 'n versekeringskontrak. Dit is nie die regsobjek waarvoor versekeringsdekking uitgeneem word nie, maar eerder die belang wat die versekerde in die regsobjek het. Oor die risiko, die risikovoerwerp en die gevaar moet daar duidelikheid wees, want dit bepaal die versekeraar se aanspreeklikheid. Daarom is die openbaring van inligting rakende hierdie aspekte van die risiko ook uiters relevant. Gevolglik is dit volgens my tog gepas dat gevra kan word of die versekerde nie dalk ook 'n plig het om aan die versekeraar te openbaar indien daar die een of ander verandering in die risiko tydens die duur van die termyn van versekering plaasgevind het nie.

Die voorkontraktuele openbaringsplig vergestalt die goeietrouvereiste in die Suid-Afrikaanse versekeringsreg. Indien enige van die partye nie die voorkontraktuele openbaringsplig wat op hom/haar rus, nakom nie, is die kontrak vernietigbaar. Daar is nie 'n algemene plig op enige van die kontrakterende partye om feite te openbaar nie. Die objektiewe redelikepersoonstoets word gebruik om te bepaal of feite as wesenlik geag word en daarom openbaar moet word. Die kwalifikasie is dat die versekerde kennis van hierdie feite moet hê. Werklike kennis, afgeleide kennis en selfs konstruktiewe kennis is voldoende om openbaring te vereis.

Waar daar 'n **klousule in 'n kontrak** is dat sekere inligting na kontraksluiting openbaar moet word, kom die elemente van wesenlikheid, objektiwiteit en die redelikepersoonstoets weer ter sprake. Dit is die geval as die bepaling self nie duidelikheid gee oor watter feite openbaar moet word nie. (Bevat die bepaling wel 'n aanduiding, moet gevolg vanselfsprekend aan daardie aanduiding gegee word.) In so 'n geval is die slotsom dat by die bepaling of feite wesenlik is, die

objektiewe redelikepersoontoets moet gebruik word. Dit weerklank die rigting wat in artikels 53 en 59 van die *KTVW* en die *LTVW* onderskeidelik ingeslaan is. Hierdie artikels is relevant by 'n voorstelling of nie-openbaring ná kontraksluiting. Die kern van die redelikepersoontoets is dat feite as wesenlik geag sal word indien die redelike persoon (wat met dieselfde feite en omstandighede as die versekerde gekonfronteer is) die inligting as redelik verbandhoudend tot die beoordeling van die risiko sou oordeel. Die redelike persoon sou tot die gevolgtrekking kom dat die inligting wesenlik is in die sin dat dit die versekeraar se besluit kan beïnvloed. Dan moet bepaal word of die inligting wat inderdaad openbaar is (of nie) die versekeraar beweeg het om die risiko aan te neem.

Indien die betrokke **klousule nie in die kontrak is nie**, hoef die versekerde nie die versekeraar in kennis te stel van enige feite wat die risiko verhoog nie. Dit kan egter in die praktyk gebeur dat omstandighede bestaan waar "veranderings" ten opsigte van die omskrewe risiko ná kontraksluiting voorkom, sonder dat die versekeraar daarvoor ingelig hoef te word. Dit is so selfs al is die versekerde duidelik daarvan bewus of selfs as hy dit self bewerkstellig het. Ek is van die mening dat daar in **sekere omstandighede tog 'n mate van billikheid en kontraktuele geregtigheid afstand gedoen word**, sou daar dan nie 'n openbaringsplig is nie. Met ander woorde, billikheid seëvier nie altyd nie.

Dit is weliswaar nie my bedoeling dat versekeringsmaatskappye 'n openbaringsklousule in elke versekeringskontrak moet inskryf nie. So 'n klousule het gewoonlik gepaardgaande interpretasieprobleme en -geskille. Om billikheid en kontraktuele geregtigheid te laat geskied, is dit my mening dat die wetgewer, ten minste wat seeversekering betref, 'n openbaringsplig ook na kontraksluiting, gegrond op die *bona fides*-vereiste van die versekeringskontrak, gemaklik binne reeds bestaande wetgewing kan aanbring. Dit moet duidelik gemaak word dat

dit nie 'n algemene openbaringsplig ná kontraksluiting is wat aanbeveel word nie. Bloot so 'n plig wanneer dit in omstandighede duidelik is dat billikheid en kontraktuele geregtigheid, in lyn met die *bona fide*-vereiste, openbaring verg.

Soos in hoofstuk 6 hierbo saamgevat, word alle versekeringskontrakte in **Australië** as *uberrimae fidei* gekenmerk. Dit verskil van Suid-Afrika waar versekeringskontrakte *bonae fidei* is. Die submissie is dat die regsposisie ten opsigte van die openbaringsplig en die toets vir wesenlikheid in Australië en Suid-Afrika ooreenstem. Die openbaringsplig geld ook net tot kontraksluiting – dit is duidelik 'n voorkontraktuele openbaringsplig. 'n Groot verskil tussen die Australiese en die Suid-Afrikaanse versekeringsreg is egter dat die openbaringsplig in Suid-Afrika nie statutêr gereël word soos in artikels 21 en 22 van die *IC-Wet* nie. Dit is volgens my waar die meeste probleme rakende die openbaringsplig in die verlede in Suid-Afrika ontstaan het. Sou daar in Suid-Afrika ook 'n wetlike bepaling soos byvoorbeeld artikel 21A bestaan het, sou daar nie soveel hofsake oor die vrae in 'n versekeringskontrak en die beantwoording daarvan in die Suid-Afrikaanse howe wees nie.

Die posisie rondom die inligting wat die versekerde moet openbaar is nietemin soortgelyk aan dié in Suid-Afrika. Faktore wat ooreenstem, hoewel die bron verskil, is (1) kennis van die versekerde (werklik, afgelei, konstruktief); (2) wesenlikheid; (3) in die redelike persoon se oordeel; (4) in dieselfde omstandighede as die versekerde; (5) ten opsigte van die vraag of die versekeraar die risiko moet oorneem, of nie, of op welke terme.

'n Aspek wat nie pertinent of uitdruklik in Australië beklemtoon word nie, is dat die versekeraar deur die nie-openbaring beweeg moes word om die kontrak te sluit, hoewel dit tog in die praktyk dít is wat getoets word. Selfs die faktore wat in artikel 21(2)(a)-(d) as nie nodig om openbaar te word nie, word ook in Suid-

Afrika so erken. Dit is inligting wat die risiko verminder, inligting wat van gemeenskaplike kennis is, inligting waarvan die versekeraar kennis dra of in die gewone loop van sy versekeringsbesigheid behoort te weet, of daardie inligting waarvan hy afstand gedoen het.

Daar kan vervolgens gekonkludeer word dat daar min onderskeid is tussen die Suid-Afrikaanse en die Australiese voorkontraktuele openbaringsplig is. Die versekerde geniet myns insiens egter beter beskerming in Australië omrede daar 'n plig op die versekeraar rus om die versekerde skriftelik in kennis te stel van die volle omvang van sy voorkontraktuele openbaringsplig.

Daar is ook hierbo genoem dat die *IC-wet* alle versekeringskontrakte in Australië reguleer en dat versekeringskontrakte as kontrakte *uberrimae fidei* gekenmerk word. Dit word bevestig deur artikel 13 van die wet en beteken dat die versekeringskontrak 'n kontrak van "hoogste goeie trou" is. Australië gebruik ook hierdie beginsel om versekeringskontrakte van gewone kontrakte te onderskei.

Met die eerste oogopslag kom dit voor asof die openbaringsplig in Australië duur net tot en met die sluiting van die versekeringskontrak. Dit is egter my mening dat die openbaringsplig, gegrond op die *uberrima fides*-vereiste, ook na sluiting van die kontrak bly voortbestaan. My motivering is dat daar tog 'n verskil wees tussen *bona fides* en *uberrima fides*, hoe onlogies dit ook al klink. Hoewel die argument bestaan dat daar nie grade van goeie trou kan wees nie, is dit nie die standpunt in Australië nie. Vir Australië is daar 'n verskil en daaraan moet gevolg gegee word. Die hoogste goeie trou word deur artikel 13 van die *IC-Wet* vir die hele tydperk wat die versekeringskontrak van krag is, verwag. Die *uberrima fides*-plig word deur wetgewing op al die partye tot die versekeringskontrak geplaas.

Dit is bygevolg moontlik om aan te voer dat die toepassing van die *uberrima fides*-vereiste in Australië in sekere opsigte 'n billiker uitkoms kan bewerkstellig en ook kontraktuele geregtigheid vir die versekerde sowel as die versekeraar laat geskied. Ek meen dat in gevalle en omstandighede soos in die probleemstelling hierbo uitgelig, die bevinding volgens die Australiese reg sal wees dat openbaring deur die versekerde nodig sal wees – nie die openbaring van alle gebeurlikhede nie, maar daardie gebeurlikhede wat in hoogste goeie trou openbaar moet word.

Inaggenome artikel 22, saamgelees met artikel 13(1), word die submitisie vervolgens gemaak dat die openbaringsplig bly voortbestaan. Dieselfde toets vir wesenlikheid soos in artikel 21(1)(b) uiteengesit sal ook hier van toepassing wees.

Ook in die VSA word die redelikepersoontoets gebruik om te bepaal of inligting as wesenlik bestempel kan word. Die VSA het nie spesifieke wetgewing wat versekeringskontrakte in die algemeen reguleer nie. Die VSA se versekeringsreg is basies gevorm uit regspraak – 'n presedentestelsel wat oor die jare geskep is. Die VSA en Australië se benadering tot versekeringskontrakte is baie soortgelyk. Een van die redes kan aan die Engelse *common law* toegeskryf word en meer spesifiek na die voorbeeld en toepassing van die *Marine Insurance Act* van 1906. Albei die jurisdiksies se seeversekeringsreg het daaruit ontwikkel. Die *Marine Insurance Act* dra steeds in albei die jurisdiksies groot oortuigende krag.

In hoofstuk 7 is ook daarop gewys dat die openbaringsplig *per se* in die VSA net van toepassing is tot en met kontraksluiting. Daar is geen statutêre openbaringsplig ná kontraksluiting nie, maar sodra die kontrak gesluit is, geld die plig tot *uberrima fides*. Dus is dit na my mening korrek om te sê dat die openbaring van wesenlike feite nie van die *uberrima fides*-plig geskei kan word nie. Die standpunt in die VSA is dat dieselfde toets as by voorkontraktuele

openbaring ook by nakontraktuele openbaring geld. Openbaring van wesenlike feite duur voort vir solank as wat die versekeringskontrak van krag is.

Na 'n deeglike ondersoek stem ek met Stander en Kloppers saam en is ek ook van mening dat daar ten opsigte van die gestelde vraag in hoofstuk 1 hierbo, een van die volgende benaderings gevolg kan word.

Eerstens kan eenvoudig erken word dat daar geen openbaringsplig na kontraksluiting is nie. Die kontrak is gesluit en dit bepaal die regsposisie van die betrokke partye. Dit is egter so dat daar omstandighede kan bestaan, en hier word verwys na die voorbeelde in die probleemstelling hierbo, waar 'n nie-openbaring uiters onbillik werk. Tweedens kan die argument gemaak word dat 'n openbaringsplig ná kontraksluiting deel uitmaak van die *bona fides*-vereiste (in die Australiese en die Amerikaanse versekeringsreg is dit deel van *uberrima fides*) en sekere inligting in sekere omstandighede ook ná kontraksluiting op grond van billikheid en kontraktuele geregtigheid openbaar moet word, omdat dit inderdaad wesenlike inligting is en 'n effek op die risiko het. Die gevolg hiervan sal wees dat daar 'n openbaringsplig op die partye is om alle wesenlike inligting te openbaar voor en na kontraksluiting vir enige verswaring of verhoging van die risiko. Openbaring deur die versekerde is nodig as *bona fides* dit vereis – nie die openbaring van alle gebeurlikhede nie, maar daardie gebeurlikhede wat in eerlikheid en goeie trou openbaar moet word.

Derdens, soos in die *Regent Insurance v Kings Property*-saak, kan volstaan word met die houding dat die versekerde die plig self op hom kan neem deur 'n openbaringsklousule in die kontrak te aanvaar; die versekeraar kan homself "beveilig" deur so 'n klousule in die kontrak in te skryf. Interpretasieprobleme is gewoonlik die gevolg.

My aanbeveling is gevolglik die volgende: Die voorkontraktuele openbaringsplig behoort uitgebrei te word, sodat daar ná die sluiting van die versekeringskontrak 'n verdere openbaringsplig **in spesifieke omstandighede** bestaan; dat so 'n uitbreiding genoop word deur die *bona fides*-vereiste van die versekeringskontrak. Die bogenoemde moontlikheid van gebeure kan aanleiding gee tot die vraag of daar nie, wat seeversekering betref, 'n statutêre openbaringsplig na kontraksluiting op die versekerde geplaas moet word nie (in die sin soos hier verduidelik is), in die gevalle waar die risiko-omstandighede in 'n baie spesifieke mate verander het.

Bibliografie

Literatuur

Achampong 1987 *International and Comparative Law Quarterly*

Achampong F "Uberrima Fides In English And American Insurance Law: A Comparative Analysis" 1987 *International and Comparative Law Quarterly* 329-347

Church 2013 *De Jure*

Church J "Onlangse regspraak: Jerrier v Outsurance Company Ltd 2013 JDR 0562 (KZP)" 2013 *De Jure* 859-868

Davis 1993 *Gordon and Getz The South African Law of Insurance*

Davis DM *Gordon and Getz The South African Law of Insurance* 4e uitg (Rustica Press Cape Town 1993)

Di Lorenzo 2014 "The Duty of Utmost Good Faith" 4

Di Lorenzo A 2014 "The Duty of Utmost Good Faith" in Di Lorenzo A (red) *International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 4*

Dunt "Comparative Analysis" 513-552

Dunt J "Comparative Analysis" in Dunt J (red) *International Cargo Insurance* (Routledge Milton Park 2012) 513-552

Franklin 2013 *University of Miami Law Review*

Franklin EH "Mandating Pre-Contractual Disclosure" 2013 *University of Miami Law Review* 553-594

Goodwin en Hungerford 2014 *Oxford University Press obo Agricultural and Applied Economics Association*

Goodwin BK en Hungerford A "Copula-Based Models Of Systemic Risk In Us Agriculture: Implications For Crop Insurance And Reinsurance Contracts" 2014 *Oxford University Press obo Agricultural and Applied Economics Association* 879-896

Haas ea *The Law Handbook: Your Practical Guide To Law in New South Wales* 2014

Haas M ea *The Law Handbook: Your Practical Guide To Law in New South Wales* 13e uitg (Thomas Reuters New South Wales 2014)

Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 2009

Hare J *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 2e uitg (Juta Kaapstad 2009)

Hasson 1969 *The Modern Law Review*

Hasson RA "The Doctrine of *Uberrima Fides* in Insurance Law-A Critical Evaluation" 1969 *The Modern Law Review* 615-637

Hasson 1984 *The Modern Law Review*

Hasson RA "The Special Nature of the Insurance Contract: A Comparison of the American and English Law of Insurance" *The Modern Law Review* 505-522

Havenga 1995 *SAMLJ*

Havenga P "Materiality of representations and non-disclosures in insurance contracts" 1995 *SAMLJ* 90-99

Havenga 1996 *SAMLJ*

Havenga P "Good Faith in Insurance Contracts – Some Lessons from Australia" 1996 *SAMLJ* 75-89

Hillman en Rachlinski 2002 *New York University Law Review*

Hillman RA en Rachlinski JJ "Standard-Form Contracting in The Electronic Age" 2002 *New York University Law Review* 429-495

Huilbrecht en John 2012 *Alternation Special Edition 5*

Huilbrecht M en John A "Depreciation: A Contentious Issue in Business Interruption Claims" 2012 *Alternation Special Edition 5* 57-76

Jejelola 2014 *European Scientific Journal*

Jejelola OJ "The Doctrine of Non-Disclosure Under the Law of Insurance: A Critical Appraisal" 2014 *European Scientific Journal* 81-88

Kennedy 1986 *International Business Lawyer*

Kennedy TR "Non-Disclosure and Misrepresentation in Insurance Contracts in the USA" 1986 *International Business Lawyer* 104-106

Kroeger en Guenther "USA New Jersey" 198-200

Kroeger DM en Guenther S "USA New Jersey" in Di Lorenzo A (red) *International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 2014 "The Duty of Utmost Good Faith"* 198-200

Kroeger en Shankar 2014 "USA Illinois"

Kroeger DM en Shankar R "USA Illinois" in Di Lorenzo A (red) *International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 2014 "The Duty of Utmost Good Faith"*

Kruger en Stander 2010 *SAMLJ*

Kruger DJ en Stander AL "Die aard en omvang van die 'Alle Risiko'-polis in die seeversekeringsreg 2010" *SAMLJ* 486

Levin en Bange 2014 "USA Massachusetts"

Levin AJ en Bange LE "USA Massachusetts" in Di Lorenzo A (red) *International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 2014 "The Duty of Utmost Good Faith"* 89-197

Lowry en Rawlings 2012 *The Modern Law Review*

Lowry J en Rawlings P "'That wicked rule, that evil doctrine': Reforming the Law on Disclosure in Insurance Contracts" 2012 *The Modern Law Review* 1099-1122

Luxford "Australian Law and Practice" 171-204

Luxford D "Australian Law and Practice" in Dunt J (red) *International Cargo Insurance* (Routledge Milton Park 2012) 171-204

Merkin en Gürses 2015 *The Modern Law Review*

Merkin R en Gürses Ö "The Insurance Act 2015: Rebalancing the Interests of Insurer and Assured" 2015 *The Modern Law Review* 1004-1027

Millard *Modern Insurance Law in South*

Millard D *Modern Insurance Law in South* (Juta Kaapstad 2013)

Millard en Kuchke 2014 *PER*

Millard D en Kuchke B "Transparency, trust and security: An evaluation of the Insurer's pre-contractual duties" 2014 *PER* 2412-2450

Nagel red *Kommersiële Reg*

Nagel CJ red *Kommersiële Reg* 4e uitg (LexisNexis Durban 2011)

Nedzel 1997 *Tulane European & Civil Law Forum*

Nedzel NE "A Comparative Study of Good Faith, Fair Dealing, and Pre-Contractual Liability" 1997 *Tulane European & Civil Law Forum* 98-154

Nortje 2015 *TSAR*

Nortje M "Pre-contractual duties of disclosure in the South African Common law (part 1)" 2015 *TSAR* 347-362

Palmier 1993 *Seton Hall Law Review*

Palmier NW "Good Faith Disclosures Required During Pre-Contractual Negotiations" 1993 *Seton Hall Law Review* 72-183

Stander en Kloppers 2017 *Stell LR*

Stander AL en Kloppers HJ "Verandering en verhoging van die risiko tydens die termyn van die versekeringskontrak" 2017 *Stellenbosch Law Review* 466-487

Rabinowitz 2014 "USA New York" 201-204

Rabinowitz DA "USA New York" in Di Lorenzo A 2014 *International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 2014 "The Duty of Utmost Good Faith"* 201-204

Reinecke, van Niekerk en Nienaber *South African Insurance Law*

Reinecke MFB, van Niekerk JP en Nienaber PM *South African Insurance Law* (LexisNexis Durban 2013)

Rible "United States Law and Practice" 205-256

Rible SV "United States Law and Practice" in Dunt J (red) *International Cargo Insurance* (Routledge Milton Park 2012) 205-256

Richman 2009 *Tulane Maritime Law Journal*

Richman SC "*Uberrimae Fidei* – Once Entrenched, Always Entrenched: The Third Circuit Joins the Majority in *AGF Marine Aviation & Transport v Cassin*, But Is That Enough?" 2009 *Tulane Maritime Law Journal* 553-561

Robinson "South African Law of Cargo Insurance" 465-511

Robinson A "South African Law of Cargo Insurance" in Dunt J (red) *International Cargo Insurance* (Routledge Milton Park 2012) 465-511

Schaerer 2007 *Yale Law School Legal Scholarship Repository*

Schaerer ER "Half-Truths, Whole Lies, & the Duty of Disclosure in Insurance Law" 2007 *Yale Law School Legal Scholarship Repository* Paper 42.

Schoenbaum 1998 *Journal of Maritime Law and Commerce*

Schoenbaum TJ "The Duty of Utmost Good Faith in Marine Insurance Law: A Comparative Analysis of American and English Law" 1998 *Journal of Maritime Law and Commerce* 1-39

Struckhoff 2005 *Tulane Maritime Law Journal*

Struckhoff JB "The Irony of *Uberrimae Fidei*: Bad Faith Practices in Marine Insurance" 2005 *Tulane Maritime Law Journal* 288-311

Trupin 2015 *Insurance Advocate*

Trupin J "It Takes More Than an Injury to Trigger Liability Flood Insurance Debris Removal Coverage Gaps Risk Purchasing Group Coverage Shortcomings 10 Most Expensive Hurricanes to Strike the US" 2015 *Insurance Advocate* 10-13

Van Niekerk 1999 *SAMLJ*

Van Niekerk "Information and Disclosure in the Insurance Context: An overview of the current position and recent developments" 1999 *SAMLJ* 178-191

Van Niekerk 2004 *SAMLJ*

Van Niekerk JP "The test for materiality in insurance law: the reasonable person in context" 2004 *SAMLJ* 113-120

Van Niekerk 2005 *SAMLJ*

Van Niekerk JP "Goodbye to the duty of disclosure in Insurance Law: Reasons to rethink, restrict, reform or repeal the duty (Part 2)" 2005 *SAMLJ* 323-339

Van Niekerk 2011 *SAMLJ*

Van Niekerk JP "The insured's duties of disclosure : delictual and contractual; before the conclusion and during the currency of the insurance contract : *Bruwer v Nova Risk Partners Ltd* : case notes" 2011 *SAMLJ* 135-144

Van Niekerk en Schulze *The South African Law of International Trade: Selected Topics*

Van Niekerk JP en Schulze WG *The South African Law of International Trade: Selected Topics* 3e uitg (Saga Legal Publications Pretoria 2011)

Schwartz 2008 *Loyola Consumer Law Review*

Schwartz D "Interpretation and Disclosure in Insurance Contracts" 2008
Loyola Consumer Law Review 105-154

Song 2012 *The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China*

Song W "The extent of the insured's duty of disclosure: a comparative analysis of the disclosure obligations of insured in Australia, Singapore and China" 2012 LLB skripsie *Queensland University of Technology*

Van Der Bergh 2004 *The Geneva Papers on Risk and Insurance*

Van Der Bergh R "The Law and Economics of Insurance: Catastrophic Risks, Competition on Insurance Markets and Insights from History" 2004
The Geneva Papers on Risk and Insurance 151-153

Weissman 2014 "USA California"

Weissman BL "USA California" in Di Lorenzo A 2014 *International Bar Association: Insurance Committee Substantive Project 2014 "The Duty of Utmost Good Faith"* 180-185

Yeo 2003 *The Modern Law Review*

Yeo HY "Post-Contractual Good Faith – Change in Judicial Attitude?" 2003
The Modern Law Review 4285-440

Regspraak

ABSA Bank Ltd v Fouche 2003 1 SA 176 (HHA)

Advance (NSW) Insurance Agencies Pty Ltd v Matthews (1989) 166 CLR 606

Agiakatsikas v Rotterdam Insurance Co Ltd 1959 4 SA 726 (K)

Am Home Assur Co v Masters Ship Management SA 423 F 193 (SDNY 2006)

Australian Casualty & Life Ltd v Hall (1999) 151 FLR 360

Babatsikos v Car Owners Mutual Insurance Co Ltd [1970] VR 297

Brownlie v Campbell (1880) 5 App Cas 925

Btresh v Royal Insurance Co 49 F 2d 720 (2nd Cir 1931)

Certain Underwriters of Lloyds of London v Harrison 2004 2 SA 446 (HHA)

Cigna Property & Cas Insurance v Polaris Pictures 159 F 3d 412 (9th Cir 1998)

Clifford v Commercial Union Insurance Co of SA Ltd 1998 4 SA 150 (HHA)

Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v De Buyn 1911 CPD 103

Commercial Union Insurance Co of SA Ltd v Lotter 1999 2 SA 147 (HHA)

Commercial Union Insurance Co v Pesante 459 F.3d 34, 37-38 (1st Cir 2006)

Compagnie de Reassurance d'Ile de France v New England Reinsurance Corporation 944 F. Supp. 986, 933 (D. Mass 1996)

David Trust v Aegis Insurance Co Ltd 2000 3 SA 289 (HHA)

Eagle Star Insurance Co Ltd v Wiley 1956 1 SA 330 (A)

Fouche v The Corporation of the London Assurance 1931 WLD

Fransba Vervoer (Edms) Bpk v Incorporated General Insurance Ltd 1976 4 SA 970 (W)

Grande v St Paul Fire & Marine Insurance Co, 436 F3d 277, 283 (1st Cir 2006)

Griesel v SA Myn en Algemene Assuransie Edms Bpk 1952 4 SA 473 (T)

Groban v The S.S Pegu 331F.Supp. 883 (SDNY 1971)

Gulfstream Cargo v Reliance Insurance Co, 409 F.2d 974 (5th Cir 1969)

Intermetal Mexicana SA v Insurance Co of N Am 866 (3rd Cir 1989)

Iskor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd 1961 1 SA 178 (T)

Joel v Law Union & Crown Insurance Co [1908] 2 KB 863 (CA)

Kent v SA National Life Assurance Co 1997 2 SA 808 (D)

Knight v US Fire Insurance Co 804 F 2d 9 (2nd Cir 1986)

Knight v US Fire Insurance Company 804 F2d 9 (2d Circular 1986)

Liberty Life Association v De Waal 1999 4 SA 1177 (HHA)

Littlejohn v Norwich Union Fire Insurance Society 1905 TH 374

Lourens v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd 1986 3 SA 373 (A)

Lumley General Insurance v Delphin (1990) 6 ANZ

Mahadeo v Dial Direct Insurance Ltd 2008 4 SA 80 (W)

Mayne Nickless Ltd v Pegler [1974] 1 NSW LR 228

M'Lanahan v Universal Insurance Co 26 US (1828)

Mutual & Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality 1985 1 SA 419 (A)

Nel v Santam 1981 2 SA 230 (T)

Permanent Trustee Australia Ltd v FAI General Insurance Co Ltd 1998 151 ALR 529

Pienaar v Gaurdian National Insurance Co Ltd [2002] 3 All SA 27(K)

Potocnik v Mutual & Federal Insurance Co Ltd 2003 6 SA 559 (SEC)

President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk 1989 1 SA 208 (A)

Qbe Insurance Ltd v Giampaolo, [1993] ACTSC 106 (1993) WL 13710016

Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society Ltd 1991 2 SA 399 (W)

Qilingele v SA Mutual Life Assurance Society Ltd 1993 1 SA 69 (A)

Queens Inc Co v Globe & Rutgers Fire Insurance Co 263 US (1924)

Regent Insurance Co Ltd v King's Property Development (Pty) Ltd t/a King's Prop 2015 3 SA 85 (HHA)

Reliance Insurance Co v McGrath Inc 671 F Supp 2d 669 (ND Cal 1987)

Representative of Lloyds v Classic Sailing Adventures 2010 4 All SA 366 (HHA)

St Paul Fire & Marine Insurance Co v Halifax Trawlers Inc, 495 F. Supp 2d 232 (D. Mass 2007)

Stealth Enterprises Pty Ltd tas The Gentlemans Club v Calliden Insurance Ltd 2015 NSWSC 1270 WL 5158478

Thebes Shipping Inc v Assicurazioni Ausonia SpA, 599 F. Supp 405 (SDNY 1984)

Trust Bank van Afrika Bpk v President Versekeringsmaatskappy Bpk 1989 1 SA 208 (A)

Wilburn Boat Co v Fireman's Fund Insurance Co 348 U.S (1955)

Wetgewing

California Insurance Code

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Insurance Amendment Act 17 van 2003

Insurance Contract Act of 1984

Korttermynversekeringswet 53 van 1998

Langtermynversekeringswet 52 van 1998

Maritime Insurance Act, 1906